Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 4, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# HERINNERINGE VAN GENL CHRISTIAAN LUDOLPH DE WET DU TOIT, DSO.

# DEEL III

**In this, the last part of the Reminiscences of General C. L. de W. du Toit, DSO, the author relates the events which took place during his stay at Alamein, he describes the visit to Alamein of Mr Churchill, Prime Minister of England and he also discusses the taking over of command by Genl Montgomery and the improvement this effected in the moral of the army. The visit of Genl Smuts to Quassasein is then related and also the sudden death of Genl Dan Pienaar in an aircraft accident. His eventual return to South Africa aboard a Dutch ship is described concluding with the more significant incidents of his career after the war. He mentions, inter alia, the share he had in the passing of Defence Act no 44 of 1957 and expresses his gratitude to God for saving his life and allowing him to return to his family from the war.**

## HOOFSTUK II

### ONS SKOP VAS BY EL ALAMEIN

Die môre na ons aankoms by Alamein, op 26 Junie is ons suid op 'n verkenningstog na die Quattaradepressie, sowat 38 myl suid van Alamein. Hier op die rand van die laagte, by 'n plek met die mooi naam van Nagb Abu Dweis, is ek aangesê om die plek te verken vir 'n brigadestelling. Die voorlopige opdrag van die Divisie was om een brigade daar te plaas, een brigade 15 myl noord by Qaret El Abd en een brigade in die Alamein vesting. Drie brigades van 'n Divisie, elk 15 myl uitmekaar. 'n Pragtige voorbeeld van hoe dinge nie gedoen moet word nie. Daardie môre het my rebelse bloed weer gekook. 'Sodra ons stelling hier ingeneem het, kan ons ook maar vir ons 'n kortpad na Kairo, oor hierdie onaantreklike leegte verken, want die vyand sal hom nie oor ons bekommer as hy eers op pad is na Alexandrië nie', het ek aan my bataljonbevelvoerders gesê.

Gelukkig het iemand tot besinning gekom. Die volgende dag, 27 Junie, kry ons opdrag om ons in die Alamein vesting in te grawe. Bobby Palmer, 3 SA Brigade, kry die stelling wes, ek, 2 SA Brigade suid en Furstenburg, 1 SA Brigade oos. Die stellings in my gebied, soos oorspronklik gegrawe, het my nie tevrede gestel nie. 'n Duin, 'n paar honderd jaarts suid, het die verdedigingsposte voor gedomineer. Hierdie hoë plek is in my stellings ingesluit.

Iemand, voor ons, het begin grawe aan 'n brigadehoofkwartier in die kalkformasie en dit net so onvoltooid gelaat. Daardie middag was hierdie landmerk die doelwit van 'n stukaformasie, wat ons behoorlik stof laat sluk het. Hierna het ek my hoofkwartier, soos gewoonlik, gevestig in die oop veld. Die volgende paar dae het ons gegrawe vir al wat ons werd was. Na middagete op 29 Junie, is ek per kar suid om die grond te gaan besigtig en om te sien hoe my stellings, van die vyandelike oogpunt, daaruit sien: opsigtelik of onopsigtelik. Suid van die vesting was die grond gelyk en hard. Ek het suidwaarts gery tot naby Ruweisat, 'n rant wat oos-wes loop, ses myl suid van die suidelike stellings van Alamein. Daar was niemand in sig nie. Alles was stil en rustig. Op my pad terug het ek nie gelukkig gevoel oor hierdie toedrag van sake nie. Sou pantser nie hier gekeer word nie gaan die vyand deur niks verhoed word om ons in te sluit nie. En hierdie keer gaan daar geen ontsnapkans wees nie.


By my hoofkwartier aangekom, het ek my staf meegedeel dat ek die Divisiebevelvoerder se goedkeuring gaan vra om suid van die vesting in te grawe. Ek het verduidelik wat daar vir ons voor die deur staan en dat daar niks suid van ons te sien is nie. Absoluut niks om die vyand te stuit nie. Ons het net voedsel vir 24 uur en ons is kort aan voorrade. By my aankoms by die Divisiehoofkwartier noord van die teerpad, moes ek verneem dat die generaal 'n Indiese brigade, tydelik onder bevel, gaan besoek het. Hierdie brigade was besig om in te grawe op die westelike hange van

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 4, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Ruweisat, by Deir El Shein, sowat 7 myl suid-wes van Alamein. Kol Celliers wou weet waaroor ek die generaal wil spreek. Ek vertel hom en sê ek sal wag tot die generaal terugkeer. Opgeruimd, vriendelik en laggend vertel hy ons van die debakel, wat in die Matruh-gebied plaasgevind het. Ek het daardie dag aan 'n egte 'Gippy tummy' aanval gely. Was dit nie vir my bottel Jamaica gemmer, waar ek in daardie gebied nooit sonder was nie, sou ek nie so gretig geluister het nie. Op daardie oomblik het ons besef dat 8 Leër weer die onderspit gedelf het, en dat dit nou nie lank sal wees voordat Rommel op ons drumpel is nie. Later het ek 'n eerstehandse beskrywing gekry van hierdie fiasko van lede van 2SA Tenkafweerregiment, wat daarin betrokke was.

Om te besef hoe kritiek die situasie was, en hoe mind tyd ons beskore was om voorbereidsels te tref, skets ek kortliks die gebeure vanaf 26 Junie. Op daardie middag was die taktiese situasie soos volg: In Matruh, ons tuiste van die vorige jaar, 10 en 21 Indiese Brigades, 25 Indiese Brigade, om ring met mynvelde, ses myl suidwes daarvan. 10 Myl suid, 'n verdere Indiese Brigade, maar verspreid. Sowat 15 myl suidoos van Matruh, op hoë grond 69 en 151 Britse Brigades. 15 Myl suid van laasgenoemde brigades genl Freyberg met sy Nieu-Seelandse Divisie min een brigade. In die gaping tussen die Britse en die Nieu-Seelandse brigade was daar niks, nie eers pantserdekking nie. Twee los groepies, 15 myl wes, gedek deur 'n mynveld, moes sorg vir 'n deurbraak hier. 1 Britse Pantserdivisie met 4 en 22 Pantserbrigades was sowat 15 myl wes van die Nieu-Seelanders en effens suid. 'n Motor brigade het die Siwa sandpad, wat die Oasis Siwa met Matruh verbind, sowat 5 myl wes van die twee pantserbrigades, gepatrolleer en 'n verdere Indiese Motorbrigade het gesorg vir die suidelike flank, 10 myl suid van die pantser. 'n Mag met geweldige slaankrag. Indien elke brigade beskik het oor 'n regiment veldgeskut en een battery tenkafweer dan was daar sowat 240 kanonne, afgesien van dié wat die pantser ondersteun het, en sowat 160 tenkafweerkanonne in die gebied. Hierdie sterk mag was egter swak opgestel. Grond hier op sigself het niks beteken nie. Die doel was om die vyand, veral sy pantsermag (want sonder pantser kon die vyand nie 'n tree vorder nie) te verslaan. Ek is oortuig dat teen hierdie formasies, met hulle oortollige infanterie en voertuie uit die weg, gekoördineer en reg gebruik in onderlinge ondersteuning, sou die vyand op hierdie slagveld sy Waterloo teëgekom het.

Teenoor hulle het die vyand beweeg oor 'n derglike front. In die noorde, nog in aantog, vier Italiaanse infanterie divisies met in die suide 'n Italiaanse pantserdivisie en 'n ligte divisie met onmiddellik suid van hierdie divisies 'n onafhanklike Duitse groep. Die kern van hierdie mag, en wat weer hier die deurslag gegee het, die Duitse Pantserkorps in die middel met 90 Ligte Divisie noord, 21 Pantserdivisie onmiddellik regs en 15 Pantserdivisie verder suid. (Sien skets 8).




Aanval Matruh 26 Junie 1942

Die vyand het omstreeks 1600 uur, 26 Junie, aangeval. Genl Rommel het weer soos tevore, sy ou taktiek herhaal deur 90 Ligte Divisie te gebruik en 'n omsingelingsbeweging uitgevoer, terwyl hy sy twee Pantserdivisies gebruik het teen die Britse Pantser (wat hy verwag het sou verhoed dat hy in sy poging slaag om die infanterie in hul vesting, langs die kus af te sny). Al wat sy opponente moes doen was om hom in te wag op 'n moontlike aanvalslyn. Hier was dit ooglopend.

90 Ligte Divisie het gedurende die laat middag goeie vordering gemaak. 'n Britse bataljon, wat in hulle pad was, is oorrompel. Etlike honderde is gevange geneem. Daardie nag het hulle vernag suid van Matruh. 21 Pantserdivisie het redelike vordering gemaak. 'n Mynveld het 'n paar ongevalle veroorsaak. 'n Tweede mynveld het hulle vertraag. Hier was hulle genoodsaak om gedurende die nag gapings in die mynveld te maak. 15 Pantserdivisie, meer suid, het reg op 22 Pantserbrigade afgestuur. Die opmars is die volgende dag voortgesit. Hoewel 90 Ligte Divisie heelwat artillerievuur moes verduur, vermoedelik langafstand, het hulle laat middag die kus bereik. 21 Pantserdivisie het aanvanklik niks teëgekom nie. Hulle is noord van die Nieu-Seelanders waargeneem en met artillerie bestook. Hulle het hierdie artillerievuur beantwoord met hulle eie kanonne en deurgedruk, suidwaarts geswaai en die Nieu-Seelanders vanuit die Ooste aangeval. Hulle slaag ook daarin om die voorraadechelon van die Nieu-Seelanders te bereik en dié suidwaarts te verjaag. 15 Pantserdivisie het die heeldag weerstand van die Britse pantser ondervind en nie veel vordering gemaak nie.

Dit is duidelik dat 8 Leër nie van lugverkenning gebruik gemaak het nie, nog minder van hulle pantserkarre, om meer te wete te kom van die vyand se doelwit. Geen disposisies is gemaak om die dreigement in die noorde teen te staan nie. Op 25 Junie het genl Auchenleck self die bevel van 8 Leër by genl Ritchie oorgeneem. Hy moes dit reeds by Gazala gedoen het dan kon die verloop van sake anders gewees het. Ongelukkig vir hom kon hy op hierdie stadium nie veel doen nie. Daar was nie tyd om leiselhouers te verander nie, nog minder disposisies. Hy moes maar die verloop van sake dophou en sien waar hy kon ingryp.

Die vyand het meer afgebyt as wat hy kon insluk. Gelukkig vir Auchenleck, dat toe 13 en 10 korps koördineer en die vyand aanval met alles tot hulle beskikking, was genl Gott weer op een van sy eensame ritte. Hy het die Nieu-Seelanders besoek terwyl die vyand besig was met sy aanval teen hulle. Met sy terugkeer het hy gesien hoe die vyand die voorraadechelon van die Nieu-Seelanders verjaag en het as gevolg weer, soos gewoonlik, 'n verkeerde afleiding gemaak, sodat hy nie was waar sy verbinding was nie. Dit was gebruiklik in die woestyn vir voertuie, wat hulle nie self kan verdedig nie, om tydelik pad te gee as hulle deur pantser bedreig word. Gott het gereken alles is verlore en sy korps opdrag gegee om terug te val, en daardeur nie alleen genl Auchenleck se opdrag nagekom nie, maar ook 10 Korps aan die genade van die vyand gelaat. Was genl Auchenleck se bevele nagekom kon daar 'n groot omwenteling gekom het in die lotgevalle van 8 Leër.

As gevolg van Gott se optrede moes die Nieu-Seelanders, in 'n briljante nagaanval, met gevelde bajonette, 'n weg baan deur die vyand om daardie nag te ontvlug. So ook het 10 Korps op plekke 'n pad moes oop veg. Dit was behoorlik 'n deurmekaar spul. Groot verliese is gely beide in personeel en uitrusting. Die ergste van alles was dat die vyand gesit het met hope buit. Hy het die slagveld behou en Rommel in staat gestel om op sy karakteristieke wyse voort te snel ooswaarts.

Terwyl ek in Divisiehoofkwartier gesit en wag het vir genl Dan daag genl Auckenleck daar op. Kol Celliers vertel hom van die versoek wat ek gerig het om suid van die vesting in te grawe. Na hy aandagtig geluister het, begin hy Celliers uitvra omtrent ons disposisies. Met sy vertrek laat hy 'n opdrag, wat Celliers moes oodra aan die generaal, dat een brigade alleen die vesting moet beman, en dat die orige twee brigades, min twee bataljons elk, suid tussen die vesting en Ruweisat moes ingrawe. Die oortollige infanterie moet teruggestuur word na Alexandrië.

Ek het onmiddellik 'n waarskuwingsorder aan my brigade gestuur om hulle gereed te hou om te beweeg en dat my verkenningsgroep my by Brigadehoofkwartier moet ontmoet. Kol Celliers het onmiddellik die ander twee brigadiers ontbied. Met die aankoms van die generaal is 'n ordergroep belê. 3 SA Brigade is opdrag gegee om die Alamein vesting te beman. Vir my is 'n gebied, omstreeks 3 000 tree suid van die vestig en 'n 1 000 tree oos van Springbok track aangewys. 1 SA Brigade is aangesê om hom te vestig verder suid tussen my brigade en Ruweisat.


Die opdrag dat ons oortollige infanterie moes

terugstuur was so reg in my kraal. Ek was altyd van mening dat Brigades te veel infanterie saamsleep wanneer operasies mobiel is, veral in hierdie tipe terrein. Wat ons ondersteuningswapens betref, was ons nie op volle sterkte nie. Ek was 8 kanonne kort in die veldregiment. In tenkafweer kon die brigade steun op een battery plus een troep. Lugafweer was voltallig. Onder bevel was een kompanie Vickersmasjiengewere. Ek was egter vol vertroue dat, mits ons tyd gegun word om in te grawe, en met die onderlinge steun van die grofgeskut van die twee brigades noord en suid van ons, daar niks was om oor bekommerd te wees nie. Gasala het dit reeds bewys. Hier was nie geïsoleerde verdedigingstellings nie. 'n Stelling op sy eie, in operasies van hierdie soort, wat ons so dikwels hier sien gebeur het, kan alleen noodlottige gevolge hê. My ideale kombinasie vir terrein van hierdie aard is 'n regiment tenks, natuurlik onder bevel, 'n bataljon infanterie, 'n regiment tenkafweerkanonne, 'n regiment artillerie en 'n kompanie masjiengewere plus die nodige lugafweer. So 'n kombinasie kan gebruik word om nie alleen aggressief op te tree nie, maar indien nodig, ook om grond te hou.

Genl Pienaar het ons nooit in sy opdragte vasgepen nie. Hy het ons vrye teuels gegee om eie inisiatief te gebruik, natuurlik binne die raamwerk van die opdrag. Die tyd vir die verkenning was kort. By my aankoms in die gebied, wat my aangewys is, het ek gevind dat die grond hard en klipagtig was en voor gebroke, wat 'n aanvallende vyand sou begunstig. Vorentoe kon ek nie. Dit sou my in elk geval te ver voor geplaas het. Ek besluit toe om ooswaarts te verken. Sowat 2 500 tree verder oos vind ek die ideale grond vir verdediging. 'n Redelike sanderige kom, wat skuiling sou bied vir my hele formasie met skietveld voor so plat soos 'n tafelblad. Dit het die verdere voordeel gehad dat die stelling nie sigbaar was van Ruwesat nie, 'n duin links het die nodige skuiling gebied. Die kaart met die rooi ring, wat ek daardie aand daarop getrek het, is nog in my besit.

Ek het besluit om die Velddiensbataljon te hou. Vir Duncan, wat in bevel was van die Cape Town Highlanders, het ek beveel om daardie nag nog terug te val na Alexandrië. Soos te wagte, het hy niks daarvan gehou om die brigade te verlaat nie. Hy was baie bekommerd oor die toestand van sy voertuie toe hy hoor hy moet oor die woestyn terugval. Hierdie voertuie, soos ek reeds vermeld het, is nog gebruik in die Oos-Afrika veldtog. Hy het my meegedeel dat die voertuie in so 'n benarde toestand was, dat hy nie langer daarmee kan voortgaan nie. Met die terugtog van die grens af moes hy byna die helfte op sleeptou neem. Was dit nie vir die Suid-Afrikaner se vernuf nie, sou hierdie voertuie lankal woestyn rommel gewees het. 'Al manier om die Owerhede te oortuig dat dit nou tyd is dat hulle ordentlike voertuie toerus', het ek gesê, 'is om van die goed ontslae te raak. As 'n ou krok steeks raak of vassteek, steek die ding aan die brand'. Daardie nag was die terugtog van die Skotte, oor die woestyn, vir myle sigbaar soos die een ou krok na die ander opgegaan het in ligte laaie. Geen wonder dat luisteraars die volgende aand oor Zeesenradio gehoor het hoe 8 Leër verslaan is dat hulle, in hulle dolle vaart na die Delta, besig was om hulle voertuie te verband. Wie weet tot watter mate hierdie ligvertoning miskien bygedra het tot Rommel se haastige aanval op die Alameinstellings, sonder 'n deeglike lugverkenning en, as gevolg daarvan, 'n onverwagte bloedneus opgedoen het.

Ons het die volgende dag gegrawe vir al wat ons werd is. Kapt Humphrys, brigade genie offisier, is aangesê om landmyne vóór te lê en die 3 000 tree gaping tussen die brigade en die Alamein vesting te verbind met 'n belt myne. Links van ons kon ons steun op lossand, wat deurgang uiters bemoeilik het. (Sien skets 9)




**Alamein: Middag 30 Junie, Aanval 1 Julie**

Ek kon eers die volgende môre sien waar 1 SA Brigade ingegrawe was, sowat 1 500 tree meer suid en sowat 1 200 tree meer wes. Hier was die grond plat en kon maklik gesien word: met 'n vyand op Ruweisat, onhoudbaar. Ek het dit aan genl Pienaar meegedeel die volgende môre. Weliswaar was daar 'n Indiese Brigade by Deir El Shein, sowat 6 myl wes op Ruweisat ingegrawe. Ek het na wat ons ervaar het, nie veel vertroue gehad in hul uithouvermoë nie. Nog minder in hierdie geval, omdat hulle te ver wes ingegrawe was en dus nie deur ons ondersteun kon word nie. Soos verwag is hulle op 1 Julie oorrompel. Die pantser was weer soos gewoonlik te laat om hulle te help.

Terwyl ons gespook het om in te grawe, hierdie keer om die vyand finaal te stuit in hulle opmars, ontvang ons op 1 Julie 'n order wat die terugtog roete neerlê, ingeval die Alameinstellings ontruim moet word. My orders was van die staanspoor af onuitvoerbaar. Ek sou net my roete kon bereik as die vyand op sy hurke gaan sit en wag tot ek verby is. Ek het met my medebrigadiers gesels en onderling ooreengekom wat ons sou doen. Ek het daarna genl Pienaar hiervan verwittig. Die generaal het daarmee ingestem. 'Matie', het hy gesê, 'as die Britse Pantser ons hier in die steek laat, en ons gedwing word om hier pad te gee, dan val ons terug met ons rug na Kairo. Sekerlik nie na Alexandrië nie. Ons sal die vyand beveg al langs die Nyl af'.

Waar ek eers my hoofkwartier suid van die duin geplaas het, het vyandelike kanonvuur, omstreeks 1200 uur, 1 Julie, my gedwing om na die noordelike helling te skuif. Daardie middag moes 1 SA Brigade dit behoorlik ontgeld. Hulle was onder direkte observasie van die vyand en die het dan ook behoorlik gebruik gemaak van hulle grofgeskut. Dit was duidelik voorbereiding vir 'n aanval. My brigade was beskut, en daar die kanonne stil was, het ons geen aandag van die vyand geniet nie. Ek het 'n klein observasiepos, 100 tree links van my Hoofkwartier op die duin gehad, vanwaar ek nie alleen 'n mooi gesig van Ruweisat gehad het nie, maar ook 'n pragtige uitsig oor die front voor en links voor van 1 SA Brigade.

Omstreeks 1500 uur het vyandelike tenks en infanterie voor op die front verskyn. Dit was die teiken waarvoor ons gewag het. Die volgende oomblik toe blaf my kanonne hier regs en voor my en dié uit Furstenburg se stelling. Toe die kartetse grond vat voor tussen die vyand kon ek duidelik sien hoe die infanterie hardloop vir skuiling. Toe die kanonne oorslaan na sarsies van kanonvuur, sak 'n stofwolk op die vyand toe. Alles word uitgedoof deur die rook en stof van barstende kartetse. Voor my, noord en suid van my, het die kanonne gebulder. Net soos by Gazala, met die aanval op die middag van 27 Mei, so ook hier, hier net meer gekonsentreerd. Onder die verwoestende vuur van ons artillerie is die aanval gestuit.

Kort hierna daag genl Pienaar by my Hoofkwartier op. Hier het ek hom my bekommernis oor die posisie van 1 SA Brigade meegedeel en aanbeveel dat indien die vyand vordering op Ruweisat maak, hy die brigade inbring tussen my en die Alameinvesting. Links van my brigade was dit te sanderig en ook in volle sig van Ruweisat. Hierna is die generaal na Furstenburg se brigade. Daar het hy vir byna 'n uur moes skuil in 'n smal loopgraaf, terwyl die brigade aanhoudend onder artillerievuur was.

Vroeg die volgende môre, 2 Julie, het ek infanterie te voet gewaar suidwes van ons. Dit het geblyk dat dit die oorblyfsels van die Indiese Brigade by Deir El Shein was, wat op 1 Julie deur die vyand oorrompel is. Pantser is gestuur om te help. Dié het te laat daar aangekom. Weer 'n geval van nie behoorlike verbinding tussen die taakmag, wat moet gaan help, en die Brigade nie. Nog 'n bewys dat 'n alleenstaande stelling, wat nie onderling ondersteun word nie, geen hoop het in operasies van hierdie aard nie. Hierdie infanterie het in die donker ontsnap.

Daardie oggend was daar oor en weer artillerievuur. Gedurende die middag het die vyandelike kanonvuur heftiger geword. 1 SA Brigade was weer die vernaamste teiken. Hulle moes dit ook ontgeld van ons vriende uit die suidooste. Laasgenoemde kon hulle later deur persoonlike kontak stopsit. Na 'n besonder hewige bombardement het tenks en infanterie weer 'n aanval op ons front geloods. Net soos die vorige middag het ons gou 'n einde gemaak aan hierdie aanval. Op een stadium het van my voorste mortiere en masjiengewere ook deelgeneem. Links van my, tenks aan beide kante was aan die brand. Verblydend was dit om te sien dat die Britte behoorlik gebruik gemaak het van die grond. Hulle het vir die vyand gesit en wag. Die Duitse druk was kwaai en ons tenks was verplig om stadigaan grond te gee, egter nie sonder om hulle opponente verliese toe te dien nie.

Ek het weer daardie middag die generaal geskakel omtrent 1 SA Brigade en ook gevra vir

addisionele masjiengewere om my linker flank te versterk indien die verskuiwing plaasvind. Laat daardie middag is aan my meegedeel dat beide brig Furstenburg en sy Brigade-majoor, Ossie Flemmer gewond en ontruim is. Daardie nag is 1 SA Brigade onttrek en het stelling tussen 2 en 3 SA Brigades ingeneem. Die volgende dag moes ek verneem dat die generaal gesukkel het om die Korps te oortuig van die noodsaaklikheid van die onttrekking, en dat dit geensins die posisie sou verswak nie. In my opinie het dit die posisie geweldig versterk. In die afgelope twee dae het die vyand twee keer probeer deurbreek tussen 2 en 3 Brigades en dit met daardie knap Duitse formasie, 90 Ligte Divisie, gesteun deur die Duitse Pantser. Dit is tipies van mense wat op 'n woestynkaart na 'n paar ringe in rooi kyk en nie 'n benul het van die grond voor nie. Na alles, ons is ook professionele, opgeleide mense en ken hierdie tipe terrein beter as dié van oorsee. Dit sou dwaas wees om hierdie brigade te laat uitdelg, as ons dit kon verhoed het.

In plaas dat hulle self kom kyk en hulle op hoogte bring van die toestand, het hulle wou voorgee dat die Suid-Afrikaners te swak is om hulle man te staan. Om ons nog 'n klap in die gesig te gee het Korps ons laat weet, dat hulle 'n taakmag sal stuur om die ou stelling van 1 SA Brigade te beman. Toe die generaal dit vir my vertel het, het ek hardop gelag, want ek kon hoor die generaal het nie te gelukkig geklink nie. 'Dit sit nie in hulle broek nie', het ek geantwoord en gesê ek sal die generaal op hoogte hou met die verloop van sake. Kort na my gesprek met die generaal daag 'n Britse artillerieoffisier by my op. Ek het hom onmiddellik erken as 'n lid van die Royal Horse Artillery, 'n eenheid met wie ek saam was in kamp en troepoefening in Engeland. Die offisier was op soek na die stelling, wat deur 1 SA Brigade daardie nag ontruim is. Ek het hom 'n pad aangedui, gelag en gesê, 'jy sal op meer as 'n galop van daardie plek padgee'. Die vyand het gedurende die nag daar begin insypel. Ons pantserkarre het reeds die môre 'n paar daar gevange geneem. 'n Rukkie later, na my besoeker weg is, het ek gesien hoe die taakmag met kanonne soontoe beweeg. Hulle was skaars daar of die vyandelike kanonkartetse het tussen hulle begin bars. Ek kon nie help om te skater van die lag toe ek sien hoe hierdie taakmag, op tipiese RHA-gallop, hulle uit die voete maak. Ek het onmiddellik die generaal geskakel en die gebeure aan hom geskets. Dit was weer verblydend om daardie laggie oor die foon te hoor. In die vroeë môre was hy in alles behalwe 'n opgeruimde stemming.

Omstreeks 1100 uur, ek was in my observasiepos, gewaar ek die generaal se kar by my Hoofkwartier. Ek het afgestap om hom te gaan ontmoet toe iets my laat opkyk. Ek het amper koud geword toe ek vaskyk in die voorste vliegtuig van 'n Suid-Afrikaanse Bester Bombereskader en sien hoe die bomdeure stadig oopgaan. Ek het geskree, 'pasop, ons vliegtuie bombardeer ons' en toe genael na die generaal se kar. Toe die gefluit van die eerste bom baie naby klink duik ek langs die kar neer. Pieter Cloete, die generaal se adjudant, was reeds daar. Dit het alles so gou gebeur dat die generaal nie eers tyd gehad het om uit die kar te klim nie. Gelukkig het die eerste bom kort en in dik sand geval, die res van die sarsie was oor ons. Die Suid-Afrikaanse lugmag het daardie môre meer skade in my brigade verrig as die vyand in die vier dae se geveg. Later moes ek verneem dat die pad wat my brigade geskraap het om voorrade aan te ry die oorsaak was. Hulle het hierdie tydelike pad, wat net so ver suid as my brigade gestrek het, verwar met Springbok Track, wat van Alamein suid loop tot by die Quattaradepressie. Seker waarom Bobby Palmer se brigade ook daardie middag moes deurloop onder ons eie bomme. Seker nie 'n pluimpie vir ons lugmag sover dit hulle kaartlees betref nie.

Ons het darem daardie agtermiddag beter gevoel toe een van ons vegeskaders daarvoor vergoed het deur ses stuks af te skiet, wat in die proses was om my brigade te bombardeer. Die vyand het hierdie keer met lug en dwarsdeur die dag met kanonne probeer om my kanonstellings by te kom. Met 1 SA Brigade uit die pad het hy sy aandag op my brigade toegespits. Hy het egter min skade verrig. My goeie stelling het hom gefnuik. Laat in die middag was ons artillerie gerig op vyandelike infanterie in die ou stelling van 1 SA Brigade. Die vyand was ook bedrywig met sy tenks op Ruweisat. Sy vordering, nie sonder verliese nie, was stadig.

4 Julie het die generaal my weer besoek. Hy was in 'n goeie luim. Hy vertel my dat toe hy gekla het oor die bomaanvalle op my en Bobby se brigades, het hy die Korps meegedeel, dat as hulle aanhou om ons aan te val van agter sal hy genoodsaak wees om oor te stap na Rommel, dan sal dit net 'n kwessie van tyd wees voor hy en Rommel glasies klink in Shepherds in Kairo. Ek moes die generaal gedurig op hoogte hou met die verwikkelinge op sy linkerflank. Hy het na die Britse pantser verwys as die rooibontes. Die eerste vraag wat hy gewoonlik gestel het was, 'Matie waar wei die rooibontes vandag?' Dan moes ek noukeurig

verslag doen.

Die tenkgeveg op my linkerflank het voortgewoed. Op een stadium was die Britte heeltemal suid-oos van my. Dit is verbasend wat soms gebeur as so 'n tenk getref word. Een môre, terwyl ek gesit en kyk het hoe hulle mekaar bekruip, het een Britse tenk, wat hom vermoedelik te sigbaar gemaak het, die volgende oomblik in vlamme uitgebars. Op 5 Julie kon ek rapporteer dat die rooibontes weer terug was in die ou kraal, suid van my waar hulle op 1 Julie, vir die eerste keer waargeneem is. Het ek my verbeel ek kon duidelik 'n sug van verligting oor die telefoon hoor? Die generaal het ook onmiddellik reageer met, 'Nee, matie ek dink ou Rommel se blus is nou uit'.

En so het die eerste fase van die Alamein geveg geëindig. In die daaropvolgende dae en weke het ons die vyand lelik laat les opsê. Na 'n nagaanval teen die vyandelike infanterie in die ou stelling van 1 SA Brigade, waar ons 'n paar manskappe verloor het, en die hamering wat ons hulle daagliks toegedien het met kanonne, sodat hulle nie hul koppe bo die grond kon wys nie, het hulle besluit om dit bes te gee en pad gegee. Die vyand het hom voor my brigadefront onttrek. 'n Eskadron pantserkarre is aan my toegeken en dit het my in staat gestel om Niemandsland in die dag te domineer, saans wanneer my karre inkom, het my nagpatrollies hulle plek geneem. Gedurende hierdie tydperk het heelwat interessante insidente plaasgevind.

Het die Suid-Afrikaners, op die aand van 29 Junie, nie suid van die Alamein vesting ingegrawe nie, sou die verloop van die geveg heel anders geëindig het. Lof kom die Suid-Afrikaanse Artillerie toe vir hul behendigheid, akkuraatheid en moordende vuurkonsentrasies, wat die vyandelike aanvalle verpletter het. Ook die Britse Pantser op Ruweisat, wat hierdie keer op die slagveld gebly het en hulle man gestaan het.

Dit was toe, en vandag nog meer noodsaaklik, dat enige bevelvoerder beide offensief en defensief moet kan optree. Dit is alleen moontlik as hy die nodige wapens onder sy bevel het. Deeglike en behoorlike opleiding in hierdie wapens is 'n vereiste, sodat hy die eienskappe en gebruik van hierdie wapens ken en hulle afhanklikheid beide in die aanval en verdediging. Hoewel ons die geraamte van ons organisasie moet behou is dit nodig in moderne oorlogvoering om taakmagte van alle wapens saam te stel na gelang van omstandighede. Faktore wat in ag geneem moet word is die vyand en terrein. So mag 'n brigade bestaan uit 'n hoofkwartier en drie taakmagte. Dit is noodsaaklik dat ondersteuningswapens in 'n taakmag in ondersteuning bly sodat die Brigadier sy ondersteuningswapens kan konsentreer om 'n taakmag te ondersteun in 'n bepaalde taak.

Daar was geleenthede waar ons meer offensief sou wou opgetree het, na ons 'n aanval afgeweer het, om vas te stel, wat die omstandighede voor was, of om te verhoed dat 'n vyand hom ingrawe. Ons het egter nie beskik oor die vermoë daartoe nie. Hier sou pantser onder bevel die oplossing gewees het. Volgens Duitse bronne wat beskikbaar gekom het na die oorlog, het elemente van 90 Ligte Divisie, op die middag van 1 Julie, op loop gesit as gevolg van ons artilleriekonsentrasies. Die Divisiestaf moes spesiale pogings aanwend om hulle te laat omdraai.

## HOOFSTUK 12

## ONS MAKEER DIE PAS

Op 6 Julie het ons 'n nuwe Korpsbevelvoerder gekry. Hy was genl-maj Ramsden, wat in bevel was van 50 Britse Divisie, wat suid van ons in die Gazala lyn was. Hierdie divisie is feitelik uitgewis in die gevegte wat gevolg het na Rommel se aanval in Mei. Ons het nie 'n baie hoë dunk gehad van sy bekwaamheid nie. Hy sou ons dan ook 'n hele paar keer hoofbrekens besorg.

Die Korpsbevelvoerder het daarin geglo dat jy jou vyand moet aanhou hamer. Nogal 'n gesonde beginsel maar dan moet jy dit op die regte manier, op die regte tyd en met die regte middele doen. Alles hang af van omstandighede. Verder moet jy agslaan op die uitwerking daarvan en die moreel van jou troepe. Ook belangrik is die posisie waarin die vyand hom bevind. Dus om 'n vyand wat ingegrawe is en bewapen met moderne wapens, met infanterie te probeer hamer, kan alleen tot groot verliese aan jou kant, en 'n afname in moreel onder jou eie troepe lei. As jy slaan moet jy hard slaan met die regte kombinasie van wapens sodat jy resultate kan behaal en as jy dit behaal het, moet jy dit kan opvolg. Dit is soos 'n goeie bokser. As jy 'n goeie hou inkry, wat hom van balans af het, dan moet jy dit opvolg en die uitklophou toe dien.

Na wat ons gesien en ondervind het, was ek die mening toegedaan, dat as 'n brigade van die Suid-Afrikaners toegerus was met pantser in die westelike woestyn, sou hulle net so 'n deurslaggewende rol gespeel het, soos die Suid-

Afrikaanse pantserkarre in die verkenningsrol, en die infanterie met hulle ondersteuningswapens, in die verdedigingsrol. Met die kennis van voertuie, inisiatief en vernuf, eie aan die Suid-Afrikaner, kon ons 'n Suid-Afrikaanse brigade omskep het in pantser binne die bestek van 'n paar maande. Telkemale moes ons aanskou hoe Britse pantser, pas na hulle aankoms, en nog totaal onvoorbereid, in 'n geveg ingestoot word, in die meeste gevalle met noodlottige gevolge. Hulle gevoel en gebruik van grond, wat moet toegeskryf word aan omgewingsfaktore waar hulle groot geword het, was besonder swak ontwikkel.

11 Julie is 'n dag wat ek nooit sal vergeet nie. Hoe ek in hierdie drama beland het sal ek ook nie weet nie. Die geleentheid om daaroor te gesels was net nooit daar nie. Ons was aangesê om daardie môre 'n bevelsgroep by Divisiehoofkwartier by te woon. My inligtingsoffisier het my vergesel. Ons is vertel dat die Australiërs, wat na die Alamein geveg, stelling ingeneem het aan die kus, noordwes van die Alamein vesting en op 9 Julie in 'n hewige aanval heelwat vordering in hierdie gebied gemaak het, weer daardie oggend 'n aanval geloods het teen 'n gedeelte van Tel El Eisa. Die doelwit is bereik, maar terwyl hulle besig was om te konsolideer, het die vyand 'n verwoestende teenaanval van stapel gestuur. Die Australiërs het om hulp gevra en die Korpsbevelvoerder het hulle dit belowe. Ons nuwe Bevelvoerder se eerste toets. Nou kom hy by ons aanklop om hulp. Die aangewese hulp hier was meer kanonne en pantser. Watter voorsorgmaatreëls die Australiërs getref het, weet ek nie. Terwyl konsolidasie plaasvind, in 'n geval soos hierdie, is dit noodsaaklik om 'n vuursperlyn òf te handhaaf òf gereed te hou ingeval van 'n teenaanval. Die lyn moet onmiddellik versterk word met tenkafweer en masjiengewere. 'n Teenaanvalsmag bestaande uit pantser en infanterie moet gereed gehou word. As die gebied lewensbelangrik vir die vyand is kan 'n vyandelike teenaanval verwag word.

Die Korpsbevelvoerder het voor sy bevordering 'n infanteriedivisie aangevoer. Hy het anders oor die saak gedink. Hy het, ek haal aan uit die skriftelike operasieorder wat ek eers die volgende môre ontvang het, genl Pienaar vermoedelik opdrag gegee om Miteriyarant, sowat 5 000 tree voor die Alamein vesting en wat in vyandelike hande was, te beset en dan, indien moontlik, verder weswaarts te opereer. 'n Taak wat die Suid-Afrikaanse en die Nieu-Seelandse divisie, met die volle steun van die veldgeskut van die twee divisies en ondersteun deur medium artillerie in 'n nagaanval later in Oktober, nie die eerste aand kon baasraak nie. Die taak in die skriftelike bevel lees so: 'Matie Coln will seize and establish a base on ridge general line trig. beacon 869292 to trig. beacon 34 in 877287 with a view to exploitation from east to southwest. Exploitation from here will will be as vigorous as conditions permit'. Die doel was om die druk teen die Australiërs te verlig. Vermoedelik het die generaal nie genoeë geneem met hierdie plan nie. Wie sou, in ag geneem die omvang, die tyd en die doelwit. Ek kon net vermoed dat 'n onderonsie plaasgevind het en dat die plan gewysig is.

Mondelings is ons meegedeel dat die divisie opdrag ontvang het om hoë grond voor 3 SA Brigade se stellings met 'n taakmag te beset, en indien moontlik, daarvandaan verder weswaarts te opereer. Die taakmag sou bestaan uit twee batterye artillerie, drie troepe tenkafweer plus twee 6 Pdrs, drie troepe lugafweer, een eskadron pantserkarre, een eskadron tenks RTR en 'n afdeling matildas, en een bataljon infanterie. 'n Taakmag met redelike slaankrag, as dit behoorlik saamgebind is, en toestande vloeibaar was en daar genoeg ruimte vir beweging was, maar sekerlik nie een wat 'n ingegrawe vyand soos hierdie, op sy eie, oor oopgrond en in daglig en sonder artillerie ondersteuning sou aandurf nie. Vir afleiding sou die RNC van 1 SA Brigade, met die steun van die divisieartillerie, 'n skynaanval loods op die front van my brigade. Die NMR van my brigade sou die stellings inneem van die RNC in 1 SA Brigade terwyl die RNC die aanval loods. Die tyd vir die aanval is mondelings aangegee as 1330 uur. Boonop word in die skriftelike bevel gemeld dat vegeskaders sal opereer oor die gebied van Z plus 30 minute. In 'n situasie soos hierdie wonder ek of ek 'n offisier enige merke sal toeken as hy so 'n operasie instruksie inhandig in 'n stafdienseksamen.

Dit was reeds 1100 uur toe ons vergader het. Die laaste deel van die bevele het vir my deurmekaar gelyk en nie sin gemaak nie. Dit het my laat wonder wat in die wind was. Toe die generaal klaar was, draai hy na my en sê, 'Matie jy sal hierdie taakmag aanvoer'. Ek het amper van my stoel geval, 'Wat van verbinding, my brigade lê heel suid?', was my eerste vraag. 'Ons sal jou alles verskaf, troepe, verbinding, alles', was die antwoord. 'In die eerste plek', antwoord ek, 'ken ek nie hierdie gedeelte van die front nie. Ek dra geen kennis waar die vyandelike stellings is nie. Ek sal eers 'n verkenning van die grond moet uitvoer.' Daarna ontmoet ek die bevelvoerders

hierdie troepe om bevele uit te reik, en om vas te stel wat die onderlinge verbinding is. Die vroegste wat ek hiermee klaar sal kan wees is 1530 uur, as alles volgens plan verloop.

Ek het my inligtingsoffisier nader geroep en die twee het hulle gevegskaart van die suide bestudeer. Die eerste wat my opgeval het was dat die sogenaamde hoë grond, wat deur 'n geringde vormlyn op die kaart aangedui is, in werklikheid 'n kom was. Dit was geleë in die vierkant 879290, 'n laagte wat deur 1 SA Brigade gebruik is vir die mortierstellings vir die groot aanval in Oktober. Hierdie stellings moes snags gegrawe word. Advokaat Edeling, destyds brigade majoor van die brigade, moes een môre lelik koes vir die vyandelike masjiengeweerkoeëls toe hy te laat hier vertoef het. Wes van hierdie kom, sowat 1 200 tot 1 500 tree was die vermeende voorlyn van die vyand, waar die vyandelike artillerie se observasieposte was. Volgens my berekening kon die vyand maklik 32 kanonne hier konsentreer. Dit sou selfmoord wees om hier in helder daglig met gewone voertuie te beweeg, en dit sonder artillerievoorbereiding, wat in alle geval onmoontlik sou wees, want ons was onbewus van waar die vyandelike kanonstellings was.

Ek besluit om eers die Generaal te gaan sien om hom te verwittig van hierdie toedrag van sake. Na ek hom dit vertel het sê hy, 'kom vertel dit aan die korpsbevelvoerder'. Hy het ook daar rond gestaan. Die generaal het my voorgestel en na ek hom gegroet het sê ek, 'I am afraid, Sir, you must have misread your map'. Ek toon hom toe my kaart, wat met verskillende kleure tussen die vormlyne gekleur was, om die lees daarvan te vergemaklik, en skets kortliks wat ek verwag sou gebeur. Waarop hy antwoord, 'I made a promise to the Australians that I shall try to assist them. What do you suggest?' Ek het voorgestel dat ek die pantser sal gebruik om te demonstreer teen die hoë grond meer na die suide. As ek hewige teenstand ondervind sal ek nie die ander troepe onnodig bloot stel nie. Hiermee het hy akkoord gegaan.

Nadat ek opdrag aan die bevelvoerders van eenhede van die taakmag gegee het om my te ontmoet op 'n hoë punt naby die gaping in die mynveld, waardeur die taakmag sou beweeg, is ek vergesel van my inligtingsoffisier, na een van die westelike voorposte van die Alamein vesting op 3 SA Brigade front, om die terrein voor te bestudeer. Op pad soontoe moes ons nog koes vir 'n stuka-aanval. Ons het die bemanning van die voorpos net meer moeilikheid op die hals gehaal. 'n Observasieoffisier van dié vyandelike artillerie het my en my inligtingsoffisier sien inklouter en daarna sy bes probeer om ons in die lug te blaas. As oud artilleris moes ek toegee dat die vyand dood op lyn was, al sy skote was egter kort, die stof het alles oordek. Klaarblyklik, ook maar 'n goeie ding vir ons, het die vyand een van die goue reëls vergeet en dit is, dat uit 'n groep skote jy een of twee óór die teiken moet kry, anders is die gemiddelde trefpunt kort van die teiken.

Daarvandaan is ek na die rendezvous, soos bepaal, om die bevelvoerders te ontmoet. Die Brit, wat die pantser aangevoer het, het my meegedeel dat hy net sewe tenks onder bevel het. Die een vir my bedoel het ook onklaar geraak. Sy bemanning was almal nuwelinge, wat nog nie in 'n geveg was nie. Wat verrig 'n mens met so 'n mag, 'n handjievol en dan nog sonder ondervinding? Die paar tenks was net binne die gaping in die mynveld. Ek het nogal op hierdie tenks gesteun. Ek het ten minste 10 of 12 verwag. So iets, tipies Brits, moes ek verwag het. Die infanterie en artillerie eenhede was ook besig om te arriveer.

Ek was op die punt om my plan van aksie aan die offisiere te verduidelik toe een van die offisiere uitroep, 'kyk daar, die tenks is besig om deur die gaping te beweeg'. Die bevelvoerder van die tenks was net so verbaas soos ek. Ek het na kaptein Carter, die bevelvoerder van die pantsereskadron, gedraai en gesê, 'Carter this seems to me a Heaven sent opportunity, tell your cars to guide those tanks towards that slope to our left and let us see what happens'. Die karre het nog nie eers hulle opdrag ontvang nie toe bars die eerste artilleriekartetse tussen die tenks. Die vuurkonsentrasie was hewig en akkuraat. Die tenks het in alle rigtings koers gekry, 'n paar het in die mynveld beland. Ek het onmiddellik opdrag gegee dat die pantserkarre die tenks teruglei na die gaping. Alle ander eenhede is aangesê om terug te keer na hul stellings.

Wat gebeur het is presies wat ek verwag het en wat ek aan die Korpsbevelvoerder meegedeel het. Ek het probeer vasstel waarom die tenks op hul eie deur die gaping beweeg het en dit terwyl hul bevelvoerder by my was. Hulle beweer dat hulle so 'n opdrag oor die radio ontvang het. My kodenaam: 'Matie' is gebruik. Uit watter oord hierdie opdrag gekom het is moeilik om te sê. Ek is bewus van die feit dat genls Pienaar en Theron op die hoë grond gesit het vandaar hulle die hele operasie kon aanskou, moontlik die getal tenks

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 4, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

kon getel het. 'n Radiostel was by die generaal. Hy was teen daardie tyd in besit van inligting dat die Australiërs reeds oorrompel was deur die vyandelike teenaanval. Die operasie sou dus geen doel dien nie, en kon net lei tot 'n onnodige verlies van lewens. Dit kan wees, dit is egter net my vermoede, dat hy die operasie wou aflas, maar ook my gegewens aan hom omtrent die vyandelike artillerie wou toets, en dus die opdrag gegee het aan die tenks.

Ek is hierna na Divisiehoofkwartier. Genls Pienaar en Theron het nog daar gesit en gesels. Ek het hulle verwittig dat die tenks op 'n bevel, uit 'n oord waarvan ek nie weet nie, deur die gaping in die mynveld beweeg het. Ek het bygevoeg dat ek hoop hulle het gesien wat gebeur het. Ek het die operasie afgelas en die troepe beveel om terug te keer na hulle stellings. Al antwoord wat ek gekry het was, 'dit is goed Matie'. Ek het gesalueer en is daarna terug na my Hoofkwartier in die suide.

Hierdie is 'n pragtige voorbeeld, van wat kan gebeur, as dinge hals oor kop gedoen word sonder 'n behoorlike waardering. Ek weet nie of die Australiërs hierdie aanval op hulle eie geïnisieer het, of deur die Korpsbevelvoerder opdrag gegee is, of aangepor was nie. Hulle moes, na hulle groot aanval op 9 Julie, geweet het dat die vyand besonder sensitief was, wat betref hierdie noordelike sektor van die lyn. Vind 'n deurbraak hier plaas, plaas dit al hul troepe in die suide in gevaar. Hulle moes dus 'n blits reaksie van die vyand verwag het en derhalwe die nodige voorsorgmaatreëls getref het. Hier behoort Korps die Australiërs te gehelp het met pantser, tenkafweer en addisionele artillerie in plaas van die futiele plan wat hulle op ons skouers wou lê.

Blykbaar het hierdie debakel van 11 Julie nie veel indruk op Korpsbevel gemaak nie. Op die môre van 26 Julie is ons drie brigadiers aangesê om ons opwagting by Divisiehoofkwartier te maak. Daar is ons meegedeel dat Korps besluit het, om die volgende oggend, 'n aanslag op die vyandelike stellings voor ons front te maak. Hierdie keer sal openings in die mynvelde van die vyand deur 1 SA Divisie gemaak word, waardeur Britse infanterie gestuur word om 'n pad te baan vir die Britse pantser. Hoewel die generaal ons verseker het dat ons net gevra sal word om die vyandelike myne te lig, het ons die vrede nie vertrou nie. Omdat ek die senior was, en jare lank onder genl Pienaar gedien het, is ek deur my medebrigadiers gevra om die generaal te versoek dat ons ook toegelaat word om die Korpsordergroep by te woon. Ek het ingewillig en die versoek is deur Korps toegestaan. Ook maar 'n goeie ding. 1 en 2 SA Brigades is beveel om openinge in die mynveld voor hul respektiewe brigades te maak. 3 SA Brigade moet sorg vir sy eie linkerflank. Ek moet hier meld dat, nadat die vyandelike aanval gedurende die eerste paar dae van Julie afgeweer is, het die bataljons, wat teruggestuur was, weer by hulle formasies aangesluit. Die Korpsbevelvoerder het voortgegaan en gesê dat, nadat 1 en 2 SA Brigade hulle taak om gapings in die mynvelde te maak voltooi het, sal hulle die vyandelike stellings binnedring tot by 'n lyn, wat hy aangedui het op die kaart. Hierop het genl Pienaar onmiddellik reageer en gesê dat dit nie was wat aan hom gesê was nie. Onderling was gereël dat 1 SA Divisie verantwoordelik sal wees vir die opening in die mynveld en dat Korps verder sal sorg vir die bres in die vyandelike stellings. Hy het dit ook aan sy brigadiers meegedeel. Die taak om die bres te bewerkstellig is toe opgedra aan die oorblywendes van sy oud divisie, nl 50 Divisie. Dit is beveel dat die gapings gedurende die nag gemaak sal word, sodat die Britse infanterie, voor dagbreek, die vyandelike stellings kan binnedring. Hulle sal gevolg word deur die Britse pantser met dagbreek.

Op hierdie bevelsgroep is daar geen gegewens verstrek oor die vyandelike stellings voor nie. Geen melding is gemaak van artilleriesteun vir die Britse infanterie nie, nog minder 'n versoek daaroor aan ons gerig. Vermoedelik is geen poging aangewend om lugfoto's te bekom nie. Hulle moet blindelings met kaal hande die vyandelike stellings aandurf. Wat Korps beoog het met hierdie aanval is moeilik om te begryp. Dit het net sy vermoë om 'n korps aan te voer in ons aansien laat sak na zero. Het hy maar 'n klompie infanterietenks saam met sy infanterie ingestuur en Vereyligte gebruik om hulle te laat rigting hou, mag hy nog iets vermag het.

Ons brigadiers het gekonfereer en besluit om ons taak uit te voer sonder artillerie voorbereiding. Dit sou die vyand net hond se gedagtes gegee het en geweldige reaksie uitgelok het. Ek het 'n gedeelte gekies waar my troepe vanaf 'n laagte die mynveld kan bekruip. Eerstens sodat hulle nie teen die luglyn sigbaar sou wees nie, en tweedens, hulle minder kwesbaar sal wees teen masjiengeweervuur. Die moontlikheid dat terrein van hierdie aard aangeteken sou wees as 'n nagtaak, ingeval van 'n nagaanval, was ook gering. Ek het die taak om die myne te lig opgedra aan die velddiensbataljon. Die Cape Town Highlanders en Natal Mounted Rifles is aangesê

om stelling in te neem op die linkerflank in niemandsland, ingeval van 'n teenaanval. Taktiese hoofkwartier sou opgerig word agter die bataljon, wat die taak sou uitvoer. Reëlings is ook getref vir die begeleiding deur die brigadestellings van die pantser wat die aanval sou loods met dagbreek.

Alles het vlot verloop. Die vyand moes egter iets vermoed het, want sy artillerie was bedrywig. Etlike skote het in die omgewing van taktiese hoofkwartier geval. Die gat waarin ons gesit het was so halflyf diep. Terwyl ek gesit en wag het vir rapporte het ek my gemaklik gemaak, met die telefoon aan my regterhand en rug teen die kant van die gat het ek heerlik gesit en slaap. Toe die telefoon begin tr- - - - r was ek wakker. Dit was te veel vir my twee stafoffisiere. Hulle kon nie verstaan hoe iemand kon slaap onder die gebars van kanonkartetse en wakker word sodra die telefoon lui nie. Net 'n bewys hoe 'n mens homself kan instel.

Net na 0400 uur kon ek die Divisie meedeel dat die myne gelig en die gaping gemerk was. Die Britse infanterie, wat deur ons sou beweeg, wou hulle egter nie deur ons laat lei nie. Hulle het hul eie koers gekies en is die mynveld oor in die donkerte. Ons het niks verder van hulle verneem nie. Die volgende dag het ons 169 lede van hierdie brigade op verskillende plekke in niemandsland opgepik. Die Britse soldaat is ongetwyfeld dapper. 'n Mens kry hul jammer as jy sien hoe hulle dikwels ingestoot word in iets, soos hier, sonder om iets te bereik. Hy is egter nie 'n individualis nie. Hy verkies om in groepe op te tree. In Oktober met die groot aanval is gesien hoedat hy, wanneer die vyand Vereyligte opskiet, van die lig gebruik om bymekaar te kom, in plaas van plat te val en kyk waar sy makkers is. So word hy dikwels die prooi van vyandelike masjiengeweervuur.

1 SA Brigade het ook geslaag in hulle taak. Hulle het egter 'n vlak vallei, wat loop in die rigting van die vyandelike stellings, gekies vir hulle roete. Dit moes vermoedelik 'n nagtaak gewees het, want hulle het heelwat vyandelike vuur verduur. Hulle ongevalle was dus ook heelwat hoër as die van my brigade. My brigade het lig daarvan afgekom ten spyte van die feit dat my troepe daardie môre heelwat mortiervuur moes verduur.

Die Britse pantser was daardie oggend verskriklik steeks. Nie dat ek hulle blameer nie. Hulle het elke moontlike beswaar geopper en kon net nie koers kry nie. Of hulle geweet het wat geword het van die Britse infanterie weet ek nie. Dit was nie lank nie of vyandelike pantser het begin stelling inneem teenoor hulle. Heen en weer het die tenks op mekaar begin skiet. Soliede pantserkoeëls het voor ons taktiese hoofkwartier vasgeslaan en oor ons gebollemakiesie. 'n Paar keer moes ons lelik koes. Dit was vroeg al duidelik dat hierdie plan van Korps ook op 'n mislukking uitloop. Het die pantser wel deurgedring, ek moet dit liewers so stel, probeer deurdring, sou daar nie veel van hulle teruggekeer het nie. Soos telkemale te vore was hier ook nie samewerking tussen tenk, kanon en tenkafweer nie. In kort gestel was daar geen behoorlike beplanning nie, nog minder het Korps verduidelik wat sy doelwit was. Dit was die ou taktiek van peusel en niks bereik nie. Daar was ook niks beskikbaar om sukses te eksploiteer nie. Met die verliese gely aan beide kante gedurende die afgelope vyf weke se gevegte was geen kant in staat om 'n offensief op daardie tydstip van stapel te stuur nie.

Daardie middag het ons 'n korpskonferensie bygewoon om die terugtog van die troepe te bespreek. Die Bevelvoerder van die korpsartillerie wou dat ons terugtrek onder die dekking van die Korpsartillerie. Ek was nie te vind vir hierdie voorstel nie, want dit sou net reaksie van vyandelike artillerie uitlok. Ek het verkies om my eie reëlings te tref. 1 SA Brigade het hiermee akkoord gegaan. Daardie nag is al my troepe in stilte teruggetrek na hulle ou stellings agter die mynvelde. Twee van my manskappe het gesneuwel, vyf offisiere en twee en dertig manskappe is gewond in hierdie operasie. En so eindig nog 'n futiele poging van Korps, wat niks bereik het nie, en niks kon bereik, behalwe dat dit die moreel van die troepe in daardie korps nie ten goede beïnvloed het nie. Wat 'n tragiese einde vir daardie oorblywende veterane van 50 Divisie om so deur hul eie oud bevelvoerder opgeoffer te word.

Een môre is ons meegedeel dat meneer Churchill, Eerste Minister van Brittanje, die troepe in die voorlyn sou besoek. Ons het 'n klompie verteenwoordigers uit alle eenhede gekies, onder hulle ou veterane van die veldtog in Oos-Afrika en hulle bymekaar gebring in die Alamein vesting. Generaal Pienaar was die dag afwesig. As senior brigadier het ek die Divisie verteenwoordig. By die Australiese hoofkwartier het mnr. Churchill, genl Moorshead, die Britse hoof van die Generale Staf en ek tee geniet. Die geselskap wou nie vlot nie. Dit het vir my voorgekom asof die Oubaas swak ingelig was, want hy kon nie saam gesels nie. Toe ons buite kom het die Britse HGS my in

die oor gefluister dat die Eerste Minister nie te goed voel nie. Geen wonder nie. Ek het later uit genl De Guingand se mond verneem dat die Staf in Kairo, die vorige aand, nie hulle hande kon lê op 'n bottel goeie Franse brandewyn nie en hom toe Egiptiese brandewyn in 'n Franse brandewyn-bottel aangebied het. En om dit nog te kroon hom die volgende môre op 'n stamperige pad, soos die langs die kus, laat ry. Dit was genoeg om enige mens die volgende môre nie te goed te laat voel nie. Na tee het die Eerste Minister die Australiërs besoek en kort daarna by ons opgedaag. Ek het mnr Churchill versoek om die troepe 'n paar woorde toe te voeg. Hy wou nie en het aan my gesê dat hy net die brigadiers wou ontmoet. Hy het net hand geskud en daarna vertrek. Dit het 'n swak indruk gemaak op 'n paar van ons Engelssprekende offisiere. Een was nogal uitgesproke, nie juis in vleiende taal nie.


## HOOFSTUK 13

## GENERAAL MONTGOMERY NEEM OOR

Op 13 Augustus het genl Montgomery die bevel van 8 Leër oorgeneem. Wat 'n verandering in die moreel van die Leër het hierdie krygsman nie in 'n kort rukkie bewerkstellig nie. Nie alleen het hy elke brigadier kom opsoek nie, maar vir die eerste keer sedert operasies in hierdie geweste begin het, het hy persoonlik sy plan van aksie aan ons kon verduidelik. Almal het gevoel hier is uiteindelik 'n generaal wat weet wat hy wil doen, en weet waartoe sy formasies onder hom, in staat was. Dit was dus met vertroue dat ons vooruit gesien het na die dag wanneer ons weer die offensief sou oorneem.

Gedurende Augustus is ek met 14 dae verlof na die Unie, en het dus die aanval van die vyand teen Alam Halfa misgeloop. Hoewel my brigade aangesê was om stelling in te neem op Ruweisat, was hulle nie in die aanval van die vyand betrokke nie. Met my terugkeer na die woestyn was ek aangesê om bevel van 1 SA Brigade oor te neem. Die personeel van hierdie brigade was reeds besig om voor te berei vir die komende aanval. Sandmodelle van die vyandelike stellings voor en die terrein is gebruik om die troepe vertroud te maak met hulle taak en die grond voor. Die gate vir die troepe waaruit hulle die aanval met mortiere en masjiengewere sou ondersteun, in niemandsland, is gedurende die voorafgaande nagte onder die neus van die vyand gegrawe. Ongelukkig is hierdie posisies deur die vyandelike artillerie vasgestel en moes ons troepe gedurende die nag van die aanval, hier lelik deurloop. Uit lugfoto's geneem net voor die aanval was dit duidelik, uit voorbereidsels wat hulle getref het, dat die vyand die aanval verwag het.

Teen die noordelike gedeelte van die vyandelike lyn sou vier divisies deelneem aan die aanval. 1 SA Divisie, suid, met doelwit die oostelike helfte van Miteiyra Ridge, 'n rant sowat twee myl voor ons stellings. Die westelike helfte van hierdie rant was die taak van ons ou rugby opponente, die All Blacks. Hierdie divisie het beskik oor een pantserbrigade. Verder noord was 'n Skotse Divisie, 51 Hoogland Divisie, en heel in die noorde, ons ou vriende, 9 Australiese Divisie. Die plan van genl Montgomery was kortliks, om in 'n nagaanval die hoofstelling van die vyand binne te dring met infanterie, sodat die pantser gebruik kon word om op twee plekke deur te breek en so die vyandelike pantser aan te durf. Hierdie plan is persoonlik aan ons verduidelik (sien skets 10).




**Alamein: Operasies 23 Okt — 4 Nov 1942**

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 4, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Die taak van 1 SA Brigade was 'n aanval met een bataljon teen die vyandelike stellings op die oostelike punt van Miteiyrarant, terwyl die twee orige bataljons die linkerflank sou verseker, deur gelyktydig stellings voor in te neem, met die flank heel links geanker op die ou stellings.

Die aand van die aanval was ek by die hoofkwartier van die Royal Natal Carbineers. 'n Vyandelike lugaanval bedoel vir ons, het sy doelwit byster geraak en sy eie voorlyntroepe onder die bomme laat deurloop. Oombliklik was die hele vyandelike voorlyn verlig met duisende Vereyligte van alle kleure. Dit was nogal 'n skouspel, hoor! Ons het nog so lekker gestaan en lag, toe een skielik uitroep, 'Pas op'. Voor jy kan sê mes het die groepie van ons geduik vir 'n klein holtetjie voor die deur van die menasieskuilte. Ons was so geïnteresseerd in die skouspel voor ons dat ons nie die stukas gewaar het, wat hulle flater agtergekom het, en van koers verander het nie. Na 'n indrukwekkende diens deur die Kapelaan van die RNC is ek daar weg. Kort na aandete het ek verhuis na my taktiese hoofkwartier net voor die mynvelde.

Presies om 2140 uur, 23 Oktober, het ons bombardement van die vyandelike kanonstellings begin. Watter gesig was dit nie! Hier agter ons, ons eie, verder regs en noordwaarts die flitse van die kanonne van die ander drie divisies, bygestaan deur dié van korps en die pantserdivisies. Agter ons die geblaf van die 25 ponders onder gebulder van die groter kaliber kanonne, oor ons, die aanhoudende gefluit van projektiele en voor ons in die verte, die gekraak van barstende kartetse. So het dit aangehou vir 20 minute; 'n skielike stilte, terwyl individuele kanonne ingestel word op nuwe teikens, die vyandelike infanteriestellings. Soos reuse flitse en 'n donderende dreuning blits en bulder dit weer voort. Hierdie keer, onder die gekraak van barstende kartetse, wat heelwat nader was, was die kenmerkende geluid van mortierbomme en die geknetter van masjiengeweervuur. Die infanterieaanval was in aanvang.

Om 0300 uur, 24 Oktober, was ons die eerste brigade om Divisiehoofkwartier in kennis te stel dat ons ons doelwit bereik het en besig was om te konsolideer. Daardie môre is ek na Miteiyrarant om die stellings van die Transvaalse Skotte te gaan besigtig. Ek is vergesel deur Gus Ferguson, hulle Bevelvoerder. Ons het op die linkerflank begin en geloop van een stelling na die ander, al onder die kruin langs terwyl my verbindingsoffisier, kapt Des Smith, met die jeep langs die voet van die rant gevolg het. Etlike voertuie, wat as gevolg van grondmyne onklaar geraak het, het daar rond gelê. Die vyandelike artillerie was baie bedrywig en het aanhoudend, net voor ons, die kruin en die grond daaragter bestook, dan hier, dan daar. Tye moes ons wag totdat hy vuur versit het. Alle artilleriste volg maar naastenby dieselfde patroon. Ek het my maar net in die posisie van die kanonnier aan die ander kant geplaas om te bepaal hoe ek nou moes loop. Dit het later net begin onplesierig raak. Daar was geen skuiling nie. Die manskappe was nog besig om in te grawe. Gus was geen artilleris nie, hy moes seker anders oor die saak gedink het. Met nog een kompaniestelling voor stel die Bataljonbevelvoerder voor — dit kon nie van my kom nie — dat ons liewer daardie gedeelte op 'n later geleentheid doen, wanneer die vyand minder bedrywig is. Oorbodig om te sê het ek die voorstel aanvaar en koers gekry jeep toe. Ons is begroet met 'n glimlaggie en 'n sug van verligting. 'Dankie Vader', sê Des, 'ek sit al die afgelope halfuur op spelde en verwag om elke oomblik die lug ingeblaas te word'.

Teen middag se kant moes ons aanskou hoedat 'n Suid-Afrikaanse bomeskader deur vyandelike flak (lugafweervuur) getref word. Die hele skouspel is voor ons afgespeel. Etlike vliegtuie is beskadig en ons kon sien hoe die bemanning 'n paar vliegtuie met valskerms verlaat, gelukkig aan ons kant van die gevegslinie. Een vliegtuig, nadat die bemanning dit verlaat het, het aanhou vlieg. Dit was egter duidelik dat die vliegtuig buite beheer was. Die een oomblik het dit gestyg, dan weer gedaal. Net voor dit finaal kop grond toe steek het ons gesien hoe een vlieënier dit met sy valskerm verlaat. Jare later ontmoet ek, toevallig een aand op Bloemfontein, daardie selfde vlieënier. Hy was vermoedelik daardie môre ernstig gewond. Hy het my vertel dat hy nie kan onthou wat gebeur het nie en hoe hy die vliegtuig verlaat het nie. Ek kon hom toe 'n beskrywing gee van wat ek gesien het. Hy het sedert daardie tyd etlike operasies ondergaan en was nog onder mediese behandeling.

Hoewel groot gapings in die vyandelike stellings gemaak is het die vyand verbete teruggeveg. Pantser is in hierdie gapings gestoot waar hulle nie kon deurbreek nie. Gedurende die nag van 25/26 Oktober het die kanonne weer gebulder toe die Australiërs noordwaarts aanval in die rigting van die see. Hulle het redelik gevorder. Die Duitse verdediging in daardie gebied was rateltaai. Op 26 Oktober het 2 en 3 SA Brigades nog 'n 1 000 tree gevorder. Op dieselfde dag

ontvang ek opdrag van genl Pienaar om die Nieu-Seelandse Divisie te gaan aflos met my brigade. Die brigade sou die stellings van die Nieu-Seelanders oorneem waar hulle aanval uitgepeuter het. Ek is daardie môre met my verkenningsgroep, wat bestaan het uit my brigademajoor, my drie bataljonbevelvoerders, die sein en provoosoffisier, na die Hoofkwartier van die Nieu-Seelandse Divisie. Ons het pas na aankoms uit ons karre geklim toe ons drie vyandelike vegvliegtuie, wat gereed maak om aan te val gewaar. Daar was nie skuilgate nie, alleen 'n klein duikie in die woestynsand. Soos een man het ons almal geduik vir dieselfde holte. Die volgende oomblik toe gons die slpinters oor ons koppe. Een bom het die seinoffisier se kar in die middel getref en net 'n uitgebrande geraamte gelaat.

Ek het die Senior Stafoffisier (G1) van die divisie genader en hom verwittig van my opdrag. 'Besef jy,' het hy my toegevoeg, 'dat jy twee brigades se fronte sal moet oorneem'. 'Dit is soos ek dit verstaan het', was my antwoord. 'Wel ek sal jou aanraai om jou divisie te skakel en te sê dat, volgens ons mening dink ons nie jy is op jou eie in staat daartoe nie'. Ek het geantwoord: 'Ek sien geen kwaad daarin om jou beskouing aan my divisiebevelvoerder oor te dra nie. Ek weet egter wat die antwoord sal wees'. Hy het deur geskakel en die telefoon aan my oorhandig. Ek het genl Pienaar verwittig wat aan my gesê is en die verwagte antwoord gekry, 'Matie ek het aan jou gesê om die NZ Divisie af te los met jou brigade'. Ek het die G1 so verwittig. Hy het geantwoord, 'Daar is die twee brigades, tref reëlings met hulle'.

Beide het gesê, 'as jy wil gaan kyk kan jy gaan. Ons gaan nie saam nie. Jy kan jou kop nêrens uitsteek nie'. Ek het hulle meegedeel dat al wat ek verlang is dat my bataljonbevelvoerders dié van hulle voor ontmoet, sodat hulle onderling reëlings kan tref vir die aflos van troepe in die voorste stellings. Ek het die bevelvoerders van die Transvaalse Skotte en die Natal Carbineers beveel om elk 'n brigadefront oor te neem. Die Dukes (DEOR) sal stelling agter hulle inneem. Die provoosoffisier se opdrag was om te reël vir twee roetes, 'n in en 'n uit roete, om enige verwarring met die aflos gedurende die nag te voorkom. Die bataljons is ook gewaarsku dat hulle van die daglig, die volgende oggend, moet gebruik maak om presies vas te stel waar hulle eie troepe is, voordat hulle begin om die vyand stelselmatig voor uit hulle stellings te verdryf.

Alles het vlot verloop daardie nag. Om 0400 uur kom ek Divisie in kennis stel dat my taak voltooi is. Daardie môre het ek die stellings voor gaan besigtig. Bataljonhoofkwartiere was geleë op die agterste helling, net onder die kruin, terwyl die voorste kompanies op die voorhelling ingegrawe was. By beide hoofkwartiere was ek verwelkom deur die fluit van masjiengeweerkoeëls. By dié van die Skotte is ek aangeraai om 'n rukkie te skuil. Ek wou graag sien hoe dit op die voorhelling lyk. Vergesel van Gus Ferguson is ek daarheen. Verskeie tenks van 9 NZ Brigade het voor en op die kruin van die rant gelê, party was gestuit deur myne, ander deur tenkafweer. Ons het deur die mynveld en so 'n ent oor die kruin gestap. Vandaar het ek 'n pragtige uitsig gehad oor die vyandelike stellings. Regs voor my, op 'n afstand van sowat 1 500 tot 2 000 tree, kon ek vier vyandelike artillerietroepe in aksie sien. Hulle was besig om op die Skotte van 51 Divisie, net regs van ons, te skiet. Ek kon die terugloop van die kanonlope duidelik sien. 'Dit is nou vir jou 'n artillerieteiken duisend, 'n kanonniers droom', het ek Gus toegevoeg. Ongelukkig was daar geen artillerie met verbinding byderhand nie. Om te dink ek was hiervoor opgelei, en ek moet so 'n geleentheid laat verbygaan.

'Ek dink ons het lank genoeg hier vertoef', kom dit van Gus Ferguson. Sy asem was nog nie koud nie toe tref 'n 88 mm kartets die grond net agter ons. Ons kon die wind van die projektiel voel soos dit verby ons trek. Vermoedelik was dit bedoel om in die lug te bars. Ons het nie gewag vir 'n tweede nie. Ons is oor die kruin en toe regs om sy opvolgskote te vermy. Die generaal het my hoofkwartier daardie môre besoek. Hy wou gaan kyk het na die grond voor. Ek het hom egter afgeraai. Die môre se ervaringe was genoeg vir een dag. Etlike dae later het ek hom vergesel oor dieselfde grond. Toe ons die mynveld binnestap sê hy, 'pas op', en hy wys met sy vinger na die drie vingers van 'n anti-personeelmyn, wat bo die grond uitsteek. Toe eers kry ek 'n koue rilling langs my ruggraat af. Ek was twee keer daardeur sonder om te kyk waar ek loop.

Daardie dag het stukas ons weer besoek. Daardie hoofkwartier van die Nieu-Seelanders was aan die vyand goed bekend. Ek het opdrag gegee dat ons vorentoe 'n nuwe hoofkwartier stig wat minder ooglopend was. Hier is ons met rus gelaat, alhoewel nagbomwerpers, swart geverf, snags laag oor die gebied gevlieg het op uitkyk vir 'n lig, sodat hy sy lading kon aflaai. Af en toe het die vyand 'n enkele bom laat val om reaksie uit te lok. Ons het nie reageer nie.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 4, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Die vyand het dusver verbete weerstand gebied. Sy oordeelkundige gebruik van tenkafweerwapens, en sy pantser in verdediging, het telkemale ons pantser laat les opsê. Dit, plus sy masjiengeweer om infanterie insypeling te stuit, en sy pantser as mobiele stut, was uiters doeltreffend om die een aanval na die ander af te weer. Met sy besoek het genl Pienaar my meegedeel dat hy by genl Montgomery aanbeveel het dat wanneer 'n aanval geloods word op 'n bepaalde plek, alle beskikbare kanonne gebruik word om dit te ondersteun.

Gedurende die nag 28/29 Oktober het die Australiërs weer noordwaarts aangeval. Die vyand het die volgende dag kwaai gereageer. Hoewel die Australiërs die volgende nag 'n suksesvolle aanval uitgevoer het, het 'n groot gedeelte van die vyand daarin geslaag om die omsingeling te ontglip. Op 1 November moes ek brig Poole, wat nou in bevel was van 2 SA Brigade, ontmoet by die hoofkwartier van die Skotse brigade net noord van my. Opdrag is ontvang om hierdie brigade te vervang met 'n Suid-Afrikaanse Brigade. Daar aangekom vertel die Brigadier ons dat hy en een offisier die enigste is wat oorgebly het van sy oorspronklike staf. Hy was nog ewe trots daarop. Dit was duidelik dat nie alleen het die vyand geweet waar hierdie hoofkwartier was nie, maar kon, òf deur observasie, òf moontlik deur die stowwerige pad, vasstel wanneer besoekers daar opdaag. Poole was haastig. Ons het dus nie lank daar vertoef nie. Toe ons wegtrek bars die eerste brisantkartetse in die lug agter ons. Nogal nie 'n mooi gesig om die metaalskerwe oral te sien vasslaan nie. Ek het net vir Des gesê, 'ry man'. Met 'n verleë laggie, kenmerkend van hom, het hy geantwoord, 'Brigadier this jeep can't go any faster. In any case, if we hit a mine now, we shall be past it before it can do us any damage'. Waarom hierdie hoofkwartier nie na 'n veiliger plek geskuiwe het nie, begryp ek nie, of is dit 'n geval van, 'can't be done old boy, not in accordance with tradition'.



**Wapens versamel deur 1 SA Bde na die Slag van Alamein, Nov 1942**

Intussen het ons dit vir die vyand, voor ons, so warm gemaak dat, waar hy in die begin feitlik teen ons was, was die gebied 'n paar dae later van 1 200 tot 1 500 tree voor ons skoon van die vyand. Ons was in die gebied waar die deurbraak deur pantser, net noord van ons, sou plaasvind. Dit het gelyk of die vyand alles in die stryd werp om dit te voorkom. Op 2 November is die poging om deur te breek hervat. 'n Kruipende artillerie spervuur het die weg gebaan vir twee brigades van 51 Hoogland Divisie wat die pantserbrigade van die Nieu-Seelanders in staat gestel het om etlike duisende tree te vorder. Hulle het egter weer teen 'n tenkafweermuur te staan gekom. 'n Infanterie aanval daardie middag, het die weg gebaan en die pantsereenhede die geleentheid gegee om los te kom van die vyandelike wurggreep. Die volgende dag was die vyand op die vlug. Die agtervolging het begin. Dié wat sonder transport was, is op die slagveld gelaat. Die opruimingswerk het begin.

Ek het 'n dag of twee later oor die terrein gestap waar die aanval op 2 November geloods is. Alles, wat in daardie streek was, is deur die artillerie spervuur verpletter. Orals het tenkafweerkanonne gelê. Dit was duidelik dat die gekonsentreerde slaankrag van die kanon die pad gebaan het vir die sukses wat daarop gevolg het.

Een aspek, wat my getref het in hierdie veldslag, was dat hoewel die kanon weer tot sy reg gekom het deur die meer verstandige gebruik van hierdie wapen, tenks nog tot 'n groot mate op hulle eie 'n pad wou deurforseer sonder die medewerking van die kanon, wat baie meer doeltreffend gebruik kon gewees het toe hulle deur tenkafweervuur gestuit is. Die kanon se vuur kan so maklik gekonsentreer word op enige teiken. Die tenkafweerkanon is 'n teiken op sy eie, veral die 88 mm kanon, en nie bestand teen die akkurate en gekonsentreerde vuur van 'n paar kanonne nie. Vir my was dit baie duidelik, nadat ek die terrein besigtig het op die môre nadat ek die Nieu-Seelanders afgelos het met my brigade, dat as 9 NS Brigade, 'n pantserbrigade, vergesel was van artillerie observasieoffisiere toe hulle aanval tot stilstand gekom het, nadat hulle die kruin van Miteiyrarant bereik het, sou hulle maklik die weerstand kon oorkom het. Pantser kon maklik die geniepersoneel gedek het terwyl hulle 'n pad deur die mynveld skoon gemaak het. Vanaf die kruin, waar 'n paar tenks gelê het, is al die grond voor sigbaar. Van hier sou dit moontlik gewees het om enige hindernis met vuur weg te ruim.

Ons het nie aan die agtervolging deelgeneem nie. Ons taak, sover dit operasies in die Noord-Afrikaanse woestyn betref, was afgehandel. Sedert die veldtog in Oos-Afrika, vroeg in 1941, kon ons nou vir die eerste keer terugsit en ontspan. Vir die volgende paar dae was ons besig met die opruimingswerk op die slagveld. Kort hierna is ons per pad na Quassasein, 'n leërkamp, in die kanaalgebied.

## HOOFSTUK 14

## ONS KEER HUISWAARTS

Quassasein was geleë etlike myle noordwes van die Bittermere, wat deel vorm van die kanaal tussen Suez en Port Said. Terwyl ons hier vertoef het, het ek gebruik gemaak van die geleentheid om die kanaalgebied te besigtig, selfs 'n dag deurgebring in Port Said. Genl Smuts het kort na ons aankoms, die Divisie daar besoek. In sy toespraak aan die troepe het hy, onder andere, ons meegedeel dat die Divisie na Suid-Afrika sal terugkeer om daar in 'n pantserdivisie omskep te word. Onnodig om te sê hierdie aankondiging is met luide toejuiging begroet. 'n Groot persentasie van die troepe op parade was vir meer as twee jaar in die veld. Baie het deelgeneem in daardie eerste skermutseling toe El Wak deur 1 SA Brigade verower is op 16 Desember 1940.

Kort hierna het genl Pienaar kom groet. Ons het saam om 11 uur tee gedrink. Ek besit tans die laaste foto, wat hier van hom geneem is. Hy sou per vliegtuig na Suid-Afrika terugkeer om voorlopige reëlings daar te tref. Die toesig oor die troepe is aan my toevertrou. Baie het gedurende hierdie tydperk Palestina besoek. Ons kon egter heerlik ontspan, want die dae was rustig en stil. Advokaat Edeling van Bloemfontein was my brigade-majoor. Op die staf was kaptein van der Merwe, wat 'n meestersgraad in geskiedenis gehad het. Die gesprekke was baie keer prikkelend. Heelwat uit die ou geskiedenis is opgedis en bespiegelinge gemaak, want ons het gesit op die trekroete tussen Egipte en Palestina.

Die Nieu-Seelandse opleidingssentrum was by Gazira, 'n buitestad van Kairo; 'n pragtige plek in die groen gedeelte van die Delta, waar alle moontlike sportfasiliteite was, ook 'n pragtige rugbyveld met 'n groot stadion. In teenstelling moes die Suid-Afrikaners tevrede wees met 'n stuk woestynsand in die buitewyke, waar 'n klomp houthutte opgerig is, gedoop Helwan. Die laaste gedeelte van die woord was seker die verkeerde spelling vir die woord warm. Wat 'n kontras!

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 4, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



**Genl-maj Dan Pienaar in sy jeep tydens operasies. Kapt Cloete, adjudant, heel links.**



**Laaste foto van Genl-maj Dan Pienaar (heel regs), Quassasein, Des 1942. Orige persone van regs na links: Lt-genl Du Toit, Brig Fürstenburg en Majoor Edeling.**

Soos te wagte, het die Suid-Afrikaner en Nieu-Seelanders nie gras onder hulle voete laat groei nie. Reëlings vir 'n rugbywedstryd is getref. Ons het nogal 'n gedugte span saamgestel waaronder 'n hele paar Springbokke. Babrow, die ou Springbok, 'n mediese offisier in een van my eenhede, was onder hulle. Die stadion was gepak met troepe van die twee lande. Dit was 'n spannende wedstryd. Die Suid-Afrikaners het pragtig gespeel die eerste helfte. Die pas was egter te veel vir hulle, wat sedert November die vorige jaar, voltyds in die voorlyn was. Die All Blacks het uiteindelik koning gekraai. Hulle span was heelwat fikser as dié van ons. Die troepe het die wedstryd terdeë geniet en die toejuiging was luid.

Daardie middag is ek op die stadion in kennis gestel dat die vliegtuig, waarin genl Pienaar en lede van sy staf was, vermis is. Die volgende môre moes ons die tragiese nuus verneem dat hy en al die lede van sy staf wat hom vergesel het, verongeluk het. Dit was vir ons 'n skok en het 'n skadu gewerp oor die hele divisie. 'n Knap soldaat, 'n beminde leier, 'n generaal in wie ons die volste vertroue gehad het, vir my as vriend — was daar nie meer nie. 'n Paar dae later kon ons hulde bring aan ons ontslape leier. Al die lede van

die divisie het die roudiens, in die opelug, bygewoon. Heel later in die Unie moes ek verneem dat die ongeluk veroorsaak is deurdat stoppe, wat die elevasiepanele in posisie hou wanneer die vliegtuig op die grond is, nie verwyder is toe die vliegtuig opgestyg het nie. As gevolg hiervan kon die vliegtuig nie klim nie. Vermoedelik het die vlieënier probeer terugdraai oor die meer, die vlerk het die water geraak, en die tuig het in die water gestort.

Teen die einde van die jaar is ons per Nederlandse skip, die *Nuwe Amsterdam* terug na Suid-Afrika. Die reis het sonder voorval plaasgevind. Net een keer was ons genoodsaak om terug te draai en koers te verander om duikbote te ontduik. Met ons aankoms in Durban was dit onmiddellik duidelik dat alles reeds besluit was sonder om ons, wat die dik en dun met die divisie deurgemaak het, te raadpleeg.

Ons is gehuisves in Pietermartizburg, waar die troepe alles moes inhandig. Daarvandaan is ons op verlof. Ek is huistoe. Kort na my aankoms ontvang ek 'n berig dat ek my moet aanmeld by die Eerste Minister in Kaapstad. Daar is ek deur genl Smuts verwittig dat daar besluit is om 'n nuwe pantserdivisie te skep, nl 6. SA Pantserdivisie en dat Everard Poole, wat my senior is op die Staandemagranglys, aangestel sal word as die nuwe divisiebevelvoerder. Genl Smuts het voortgegaan en gesê dat hy besef dat ek meer veldondervinding het as Poole en sal hom derhalwe nie saam met die divisie terugstuur nie. Hy sal 'n onafhanklike pantserbrigade, 14 Pantserbrigade, stig en oplei in die Unie. Ek is nie eers die geleentheid gegun om my eie brigade, nl 1 SA Brigade, wat reeds in Noord-Afrika aangewys was om omskep te word in pantser, en wat alreeds personeel na die pantseropleidingskool gestuur het, te behou en af te rig nie. Met een streep van die pen is die tradisies van 1, 2 en 3 SA Brigade, wat op die slagveld verwerf is, oorboord gegooi. Alle sentiment verbonde aan hierdie brigades is versmoor. Gelukkig was 14 Brigade van die begin af doodgebore. Ek is op versoek, toegelaat om 1 SA Brigade in pantser te omskep en op te lei.

Die Natalse politici kon dit egter nie oor hulle hart kry dat 'n Natalse eenheid hier in die Unie moes terugsit nie. As gevolg van vertoë aan genl Smuts is die Royal Natal Carbineers van die 1 SA Brigade geskei en noorde toe gestuur. Hulle bevelvoerder, wat 'n swaar tyd agter die rug gehad het, behoort nie die eenheid op daardie tyd te vergesel het nie. Die Regiment President Steyn het die plek van die RNC as pantserregiment in die brigade ingeneem.

Na die opleiding in pantser, in die laeveld voltooi was, het die brigade, wat uitgerus was met Sherman tenks, aan 'n groot wapenskou aan die Oos-Rand deelgeneem. Generaal Smuts het die saluut geneem. Na afloop van die parade het die Generaal my toegevoeg, 'en toe Matie is jy gereed om weer noord te gaan'. 'Ja Generaal', was my antwoord. My vrou, wat na die gesprek gestaan en luister het, antwoord ewe onverwags, 'Ek gee nie om, Generaal, as hy gaan nie, maar ek is darem al regtig moeg om alleen, vir die afgelope drie jaar, na die vier seuns en die dogter te kyk'. Na die Generaal haar uitgevra het omtrent die familie, ens., staan hy so 'n rukkie stil. Hy draai na my en sê 'ek dink, Matie, dan moet jy maar in die Unie bly en al die opleiding vir die divisie in Italië op jou skouers neem'.

Kort hierna word my brigade verskuif van Barberton na Potchefstroom, waar alle opleiding vir 6 Pantserdivisie in die veld, voortaan onder my sou sorteer. Dit sou onbillik gewees het teenoor die pesoneel van die eenhede in die brigade om hulle na die intensiewe opleiding hier te laat sit tot die einde van die oorlog. Dit is toe besluit om hierdie eenhede te koppel met die pantsereenhede in die pantserbrigade van 6 Pantserdivisie. Dit sou hierdie eenhede die geleentheid gee om gevegsonderskeiding te verwerf. Die kern van die eenhede tuis is gebruik om die jong rekruut, nadat hy sy kursus in die opleidingsdepot voltooi het, die nodige regiment en veldopleiding te verskaf. Die offisiere, wat hierdie opleiding behartig het, was almal oorlogsveterane en, as gevolg daarvan, is uitstekende resultate hierdeur verkry.

Soos die oorlog na 'n einde geloop het is daar natuurlik baie aandag gewy aan demobilisasie. Die gladde terugvloei na die samelewing van die man in uniform was van uiterste belang. Dit sou 'n onbegonne taak gewees het, en sou tot allerhande moeilikhede gelei het, was die teruggekeerde soldaat in kampe gehuisves. Ons was dus bly dat Japie Smuts, oudste seun van die Generaal, ons op Potchefstroom in dié verband kom besoek het. Ons het dan ook aanbeveel dat waar moontlik, die teruggekeerde soldaat op verlof gestuur word om hom sodoende in staat te stel om na sy betrekking terug te keer of een te bekom, en hulle dan in hulle afwesigheid te demobiliseer — sodat alleen diegene, wat nie so gelukkig is nie, gehuisves sou word.

Met die terugkeer tot vredestoestande was daar met die uitreiking van magsorder 3772 van 24/4/1946, nog 'n ontnugtering vir baie van ons te wagte, toe die nuwe senioriteitslys bekend gemaak is. In sommige gevalle is vooroorlogse senioriteit streng gehandhaaf, afgesien van prestasies behaal gedurende die oorlog. In ander gevalle is vooroorlogse senioriteit heeltemal oorboord gegooi, en is oorlogsprestasies wel in aanmerking geneem, oënskynlik om sekere individue te begunstig. 'n Hele paar van ons is teruggeplaas na kolonelsrang. Generaal Smuts het egter, toe hy dit tehore kom, ingegryp met gevolg dat vier van ons seniors, brigadiersrang behou het. Een offisier, wat betreklik junior was voor die oorlog, is ook brigadiersrang toegeken, sodat hy in een van die sleutelposte op Hoofkwartier aangestel kan word. Weer is gesorg dat die leisels behoorlik sal bly in die hande van die uitverkorenes.

## HOOFSTUK 15

## NAOORLOGSEJARE

Gedurende die jare 1946-1948 het ons weer 'n aftakelingstydperk beleef. Die oorlog was agter die rug. Min aandag is gewy aan toekomsbeplanning. Grond en huisvesting is weggegee. Geen poging is aangewend om kosbare uitrusting, wat in die ope en in die veld gelê het, onder dak te bring nie. Verdedigingshoofkwartier het gedurende die oorlogsjare bitterlik gefaal om in die nodige uitgawes en beplanning, ook voorsorg vir die toekoms te tref. Sleutelposisies op Hoofkwartier was deur buitestaanders gevul. Die bekwame staandemagpersoneel, wat hulle moes dra, het nie in aanmerking gekom nie, ten spyte van die gevorderde opleiding wat hulle in die vooroorlogse jare ontvang het. Orals is geld vermors in gebiede en geboue waar die naoorlogse mag geen baat by sou vind nie. Die geleentheid was daar om die naoorlogse belastingbetaler duisende ponde te spaar. Dit is net nie benut nie. Geld kon so bestee gewees het dat die geriewe, wat noodsaaklik en ontbeerlik was om die oorlogspoging voort te sit, ook van nut kon gewees het vir die naoorlogse mag.

Gedurende 1948 is ek aangestel as Hoof van die landmagte. Een van die eerste take wat aan my opgedra was, was om op te tree as voorsitter van 'n kommissie om die Kommando-organisasie te ondersoek; menings te peil van diensdoendes sowel as diegene wat buite die organisasie gestaan het, en om 'n plan voor te lê sodat die platteland weer bewapen kon word. Daar was groot belangstelling op die platteland. Almal was gretig om hierdie organisasie weer te laat herlewe. Ons het met diensdoende sowel as burgers, wat gretig was om aan te sluit, en vooraanstaande persone dwarsoor die Unie gesels. Die raad het aanbeveel die ontbinding van die bestaande organisasie, 'n totale reorganisasie, sodat almal wat gretig was, die geleentheid kon hê om aan te sluit. Na die werwingstydperk verstryk het, sou elke kommando sy eie kommandant kon aanwys. Hoewel die stafraad, met genl van Ryneveld, as voorsitter, die plan verwerp het (ek het versoek dat dit genotuleer word dat hy nie die mening van die stafraad onderskryf nie) is dit deur die Minister goedgekeur. Ek kon derhalwe voortgaan met die reorganisasie van die kommando's.

Op 16 Maart 1950, volg ek genl Beyers op as Hoof van die Generale Staf. Politieke gevoel onder diegene, wat die regering nie goedgesind was nie, het nog hoog geloop. Dit sou nog vir 'n hele ruk oral kop uitsteek. In 'n mate kon dit toegeskryf word aan die optrede van die ou springboklegioen, 'n linksgesinde organisasie, wat ontaard het in die Torch Commando, waarby baie oudgediendes aangesluit het, selfs oud lede van die Staandemag het openlik saam gemarsjeer in optogte.

Wetgewing is in 1950 ingedien en deurgeloods, wat die Minister in staat sou stel, om in geval van nood, die Unie se Verdedigingsmag uit te roep, in afwagting van 'n proklamasie van die Goewerneur-generaal. Spesiale aandag is geskenk aan die daarstelling van 'n doeltreffende skema vir binnelandse beveiliging. 'n Uniale plan in dié verband is daardie jaar voltooi.

Die Staandemag is op 'n basis van volkome tweetaligheid geplaas deur die twee amptelike tale al om die ander maand te gebruik. In Oktober is 'n taalraad, onder voorsitterskap van mnr Postumus, later Doktor, saamgestel om 'n eie Afrikaanse tegniese terminologie te versorg.

Spesiale aandag is in dieselfde jaar gegee aan die organisasie van die Leër, om meer eenhede die geleentheid te gee om pantseropleiding te ontvang. Aktiewe Burgermag se werwingsgebiede is tot die platteland uitgebrei en voorsiening is gemaak vir instruksie in onderskeie eenhede deur middel van die een of ander amptelike taal. Hierdeur is gepoog om aan soveel burgers moontlik effektiewe militêre opleiding te verskaf.

'n Raad vir Verdedigingshulpbronne is in Oktober

1949, gestig om die ontwikkeling van die Unie se industriële potensiaal by verdediging in te skakel en te bevorder. Hierop het gevolg die verdedigingsproduksiekantoor in 1951, en die stigting van 'n wapenfabriek vir die vervaardiging van kleingeweerwapens.

Gedurende September 1951 het die regering onderneem om by die Unie-parlement aan te beveel dat Suid-Afrika hom, in geval van oorlog, aktief by die ander anti-kommunistiese moondhede sou skaar tov die verdediging van Afrika. In daardie jaar is ons ook deur die VVO genader om hulp te verleen by die bekamping van kommunistiese aggressie in Korea. Hierdie saak is deeglik bespreek. Ons kon ook, soos meeste ander lande 'token' hulp verleen het. Ons het egter besluit om 'n vegeskader van die SA Lugmag tot die beskikking van die magte in Korea te stel. Die beroemde no 2 Vegeskader is hiervoor aangesê.

In Julie, ooreenkomstig militêre gebruik, is die benaming Hoof van die respektiewe weermagsdele herdoop tot Leërstafhoof, Lugstafhoof en Vloot en Marinierstafhoof. Hulle pligte en die van die administratiewe afdelingshoofde soos Adjudant-generaal, Kwartiermeester-generaal en Geneesheer-generaal, is omskrywe. Elke weermagsdeel het besik oor hulle eie opleidingstaf, om die organisasie en opleiding van hulle eie weermagsdeel te kan behartig. Elk is verantwoordelik gehou vir hulle eie tegniese beheer, voorraad, tegniesedepots en werksplase.

Territoriale kommandemente het in Mei 1948, feitlik volle bevel, behalwe tegniese aangeleenthede, gevoer oor eenhede van die drie weermagsdele binne hulle gebiede. Voortaan sou lugmageenhede onder hulle eie groepsbevelvoerders sorteer. Vir eers is twee funksionele groepe gestig, 'n taktiese groep met opdrag die beskerming van Suid-Afrika teen lugaanvalle en 'n maritieme groep vir kusverdediging en verkenning. In 1952 is 'n ondersteuningsgroep en 'n opleidingsgroep bygevoeg, elk in status gelyk aan dié van die Leër en territoriale kommandement. Lugeskaders wat deels uit Staandemag en Aktiewe Burgermagllede bestaan het is gereorganiseer in Staandemag en Aktiewe Burgermageskaders. Dit sou mobilisasie van die lugmag heelwat vergemaklik.

Op ooreenkomstige grondslag is al die pligte in verband met kusverdediging en verdediging ter see aan die Vloot en Maritieme Stafhoof toevertrou. Sedert 1951 sorteer alle kusvestings en skepe onder Kuskommandement. 'n Operasiehoofkwartier is gestig om samewerking tussen lug en vloot te verkry.

Wat die Leër betref is Wes-Transvaal met Potchefstroom as Hoofkwartier, en Noordwes Kaap, met Upington as Hoofkwartier, bygevoeg by die bestaande kommandemente ten einde effektiewe beheer in hierdie uitgestrekte gebiede te bewerkstellig.

Vlootaangeleenthede het spesiaal aandag geniet. Die dae van die kusartillerie was getel en 'n plan moes beraam word hoe om hierdie vraagstuk op te los. Die verdediging van die kuslyn was opgedra aan die vloot en dit was noodsaaklik dat die vestingsartillerie by die vloot ingelyf word. Hierdie Korps was 'n ou gevestigde korps en trots op sy tradisie. Met die verskyning van die vliegmasjien was swaargeskut op land nie meer nodig om die slagskip af te weer nie. My eerste stap was om die kusartillerie te omskep in 'n marinierskorps. Om 'n tuiste vir hulle te vind is hulle onder die gesamentlike bevel van die Vloot en Marinierstafhoof geplaas. Om die aanslag sagter te maak is die diensdoende Vloothoof aangestel as Militêre Attaché in Londen en is brig De Waal, wat 'n deskundige was op kusverdediging, tydelik aangestel as Vloot en Marinierstafhoof. Hoewel ek seker as gevolg van hierdie aanstelling, baie ongewild was onder die vlootpersoneel was dit 'n noodsaaklike stap, nie alleen om 'n sukses van die samesmelting te maak nie maar ook die maklike uitweg om ander doelwitte te bereik. Brigadier de Waal is later vervang deur kommodoor Biermann, later admiraal en Hoof van die Weermag.

Suid-Afrika het verantwoordelikheid aanvaar vir die beveiliging van skeepsvaart langs die Suid-Afrikaanse kus. Dit was dus noodsaaklik om aansienlike uitbreiding hier te bewerkstellig. In Mei 1950 is die omskepping van die korvet *Protea* vir hidrografiese opmeting voltooi en in bedryf gebring. In Maart 1952 is 'n tweede torpedojaer, die *Whelp*, aangekoop en later herdoop tot *Simon van der Stel*.

Dit was nie meer moontlik om wapentuig uit voorraad aan te koop nie. Ons finansiële beleid het sake nog verder bemoeilik. Jaarliks moes geld aangevra word. Nadat die bedrag deur die Parlement goedgekeur is, was 'n gedeelte van die jaar reeds verstreke. Geld, wat nie gespandeer was aan die einde van die finansiële jaar nie, het teruggeval na die skatkis. Dit het beplanning vir die toekoms uiters bemoeilik. Ek het gevra vir 'n

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 4, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

onderhoud met die Minister van Finansies, mnr Klasie Havenga. Hy, as oud krygsman, was simpatiek en het ingestem dat ons die saak anders benader. Ek sou 'n bepaalde bedrag aanvra vir elk van die drie weermagsdele of vertakkings, wat oor 'n aantal jare gebruik sou word om die nodige wapentuig aan te koop. Ek moet egter jaarliks vroegtydig die Tesourie in kennis stel hoeveel van daardie bedrag daardie jaar sou benodig word, sodat die nodige voorsiening hiervoor gemaak kan word. Op hierdie manier is daar voorsorg gemaak vir die aankoop van sowat 20 skepe vir die vloot oor 'n tydperk van 8 jaar, nuwe pantser om een divisie van die Leër toe te rus en 'n aansienlike bedrag vir die aankoop van Shackleton vliegtuie vir kusverkenning en Sabre vliegtuie vir die lugmag.

Ons voertuie en uitrusting was in 'n benarde toestand. Tegniese uitrusting, etlike miljoene ponde in waarde, het in ou bouvallige hutte in die veld gelê. Voertuie, in 'n verwaarloosde toestand, was in die ou oorlogse gevangenisterrein in Sonderwater gestoor. Bergruimte, hiervoor, moes verskaf word en elke item in rekening gebring word. Vir die tegniese uitrusting is ou vliegtuigloodse tussen Lyttleton en Voortrekkerhoogte opgerig en elk met 'n addisionele vloer voorsien om meer pakruimte te bekom. Verroeste uitrusting is in 'n suurbad gedompel, skoon gemaak op rekening gebring en in hierdie loodse in hulle bepaalde afdeling geberg op staalrakke. Voertuigskure is naby Swartkoplughawe opgerig waarheen alle bruikbare voertuie vervoer is. Hier, onder ideale toestande, kon volle aandag gegee word aan die behoorlike instandhouding en nasien van reserwe voertuie, wat nie onder eenheid-toesig sorteer het nie.

'n Nuwe voorkoms, wat uniforms betref, vir die weermag was uiters noodsaaklik. Met die uitbreek van Wêreldoorlog 2 is die ligte gaberdene opsy gelê en almal het khaki en velddrag aangetrek. Na die oorlog is hierdie drag behou en die hemp en broek, wat vir winterdrag uitgereik is. In 1924 was die UVM in groen geklee, 'n netjiese drag, te warm egter vir ons somer en uiters ongeskik as 'n velddiens tenue. Daarna het ons oorgeskakel na 'n ligte gaberdene. Aanskoulik en koel maar ondoeltreffend in die veld. Ongelukkig is dit onmoontlik om 'n uniform te ontwerp wat net op parade vertoon en ook gebruik kan word as gevegstenue.

Vir die leër se vredesdrag moes ons soek vir 'n ontwerp wat ewe geskik is vir winter en somer toestande in Suid-Afrika. Daar is toe besluit op die twee-kleur, die ligte broek met die barathea-kleur baadjie. Ongelukkig kon die ontwerpers ons nie 'n sterk stoffasie, wat sy voue sal hou en lig in gewig is, lewer nie. Die lugmag het blou verkies en dit het geen probleme gelewer nie. Die vloot was nog Brits georiënteerd en kon net nie wegkom van die wye broek en hemp met matrooskraag nie. Die groter persentasie van Afrikaanssprekendes het nie hiervoor kans gesien nie. Die uniform moet aanneemlik wees vir beide taalgroepe. Met die aanstelling van kommodoor Biermann is die huidige uniform ontwerp, blou in die winter en wit in die somer.

Ja, werklikwaar, interessante en aangename dae. Hoewel sekere stappe sekere mense noodwendig moes geskaaf het is die fondamente gelê en vordering gemaak waarop die Republiek later kan voortbou. 'n Weermag waarin elke burger tuis kan voel en waarop hy trots kan wees.

Daar het gevolg die delikate onderhandelinge met die instelling van eie Suid-Afrikaanse dekorasies. Ons moes toestemming kry in die toekenning daarvan deur die Goewerneur-generaal, want dit was die alleenprerogatief van Haar Majesteit die Koningin. Ons was destyds nog lid van die Statebond. Daar was 'n dag toe ek dringend versoek is deur mnr Forsyth, Sekretaris van Buitelandse Sake, om hom onmiddellik te kom spreek. Hy het my 'n telegram uit Londen gewys en gesê, 'Generaal ons moet nou baie versigtig te werk gaan'. Wel, ons het die hindernisse oorkom en nog 'n akker is aangevoor vir die toekomstige Republiek. Iets wat ek vandag baie trots op is, is dat ek besitter is van een van die paar afskrifte van die tekeninge van die pragtige stel medaljes waaroor die Republiek tans beskik en wat, na my mening, te vryelik in vredestyd toegestaan is.

Kort na my aanstelling was dit aan my meegedeel deur mnr. Cuff, sekretaris van Verdediging, dat genl Smuts na die oorlog opdrag gegee het dat alle grond, wat deur die Britte, gedurende die oorlog bekom is, teruggekoop moet word. Sy poging om mnr Churchill te oorreed om Simonstad aan ons te oorhandig het misluk. Hy was nie gewillig om hulle 'n verdere houvas op Suid-Afrikaanse bodem te laat kry nie. Ons eerste stap was om die Britse Vloot verwyder te kry uit Andulusia ammunisiedepot in Wes-Transvaal. Geld was skaars en ons kon dit net trapsgewyse doen.

Die SA Vloot, wat in Durban gehuisves was, moes 'n nuwe tuiste kry. Die spoorweg was gretig om daar oor te neem. Simonstad was die aangewese

plek vir 'n operasiebasis. Ons het reeds besluit om Saldanhabaai te ontwikkel vir opleidingsdoeleindes. Daar moes dus 'n poging aangewend word om Simonstad te bekom. Dit is op diplomatiekevlak gedoen. Dit het nie geslaag nie. Vermoedelik was die Brit blind vir die feit dat 'n Vlootbasis, sonder 'n moderne verbindingstelsel en die gepaardgaande lugverdediging daarvan, geen basis is nie maar net 'n vasmeerplek, waar mobilisasie-uitrusting gestoor en die nodige skeepsreparasie gedoen kan word. Die Britse vloot het gereken ons was nog nie tegnies opgewasse om 'n basis oor te neem nie. Vermoedelik was dit anders in die geval van die lande in die Ooste.

In ons tweede poging, wat deur amptenare uitgevoer is, is 'n meer verwaterde ooreenkoms bereik, wat ons gedeeltelik besit gegee het. 'n Gedeelte van die vasmeerplek is deur die Britte gereserveer. Die Britse Bevelvoerder het ook onderneem om sy hoofkwartier te verskuiwe na Youngsfield. Ons het dus die reg verkry om ons vlag te hys en Admiraalshuis te betrek. Ek het voor die ander teruggekeer. Toe ek die verslag aan mnr Strydom oorhandig het hy die Eerste Minister meegedeel dat hy persoonlik ver van tevrede was met die verloop van sake. Waarteen hy beswaar gemaak het was die onderneming dat, waar Brittanje in 'n oorlog was, en ons nie, ons ons uit die basis sou moet onttrek (dit vermoedelik impliseer ons verbindingstelsel, wat gedeeltelik buite Simonstad geleë was).

Ek beskou ons hele suidelike kuslyn as strategies, vanwaar die seeroete om die Kaap beskerm word, met sy vasmeerplekke, vliegvelde, kommunikasie en waarnemingsstelsel, lugverkenning en die offensiewe vermoë van lugmag en vloot as die belangrikste faktore. Die aanlêplekke bied skuiling vir die verminktes, en dien as reparasiebasisse vir diesulkes. Met die ontwikkeling op tegnologiese gebied bly die duikboot nog die grootste gevaar. Die skip, ten spyte van die afweermiddels wat ontwikkel word, bly nog kwesbaar. Om skeepvaart te beveilig moet die Staat in staat wees om duikbootbedrywighede in toom te kan hou. Aan hierdie aspek moet die grootste aandag gewy word.

In 1948 was die Militêre Kollege die enigste opleidingsentrum, waar die drie vertakkings van die weermag gevorderde opleiding kon ontvang. Die lugmagvleuel is daardie jaar toegevoeg Laasgenoemde het egter nie voldoen aan al die vereistes van die lugmag nie. Hierdie vleuel is in 1950 omskep in 'n Lugmagadministrasie en Stafskool en verskuif na Waterkloof. In 1951 is die status van hierdie skool verhoog tot dié van Suid-Afrikaanse Lugmagkollege.

Wat egter nog ontbreek het was 'n opleidingsentrum waar die offisier meer gevorderde akademiese opleiding kon geniet. In 1950 is met Pretoriase Universiteit onderhandel en hierdie liggaam het ingewillig om drie-jaar graadkursusse, Bacalaurius Artium Militêr en Bacalaurius Scientiae Militêr, in te stel. Dit sou die toekomstige offisier in die staandemag ten volle toerus vir die intellektuele, kulturele en militêre eise wat van hom verwag mag word in die jare wat voorlê. Kandidate het by aanvang kadetstatus beklee, na voltooiing van die kursus is hulle aangestel in die rang van luitenant. Reëlings is ook getref om vloot en marinierskadette aan die Natalse Universiteit te laat studeer.

Ons het egter gevoel dat 'n akademie, waar kadette van al drie vertakkings van die weermag onder een dak opgelei kan word, en waar hulle hul opleiding in 'n militêre atmosfeer kon ontvang, noodsaaklik was. Dit sou help om 'n goeie fondament te lê vir samewerking tussen die drie weermagsdele. Ons het gevolglik na Stellenbosch verhuis met ons opleiding tot tyd en wyl die Akademie-kompleks op Saldanha voltooi is, waar opleiding voortgesit sou word onder die vleuels van die Universiteit van Stellenbosch.

Met die vereistes van die tyd was dit duidelik dat 'n nuwe stelsel ontwerp sal moet word vir die opleiding van die burger. Tot dusver was dit gebaseer op vrywillige diens. Na die oorlog was vrywilligers moeilik bekombaar, die materiaal wat verkry is, was nie van die beste wat beskikbaar was nie.

Gedagtig aan die sukses wat die Spesiale Diens Bataljon behaal het is die wet gewysig en in 1949 is die Leërgimnasium op die been gebring te Voortrekkerhoogte, gevolg deur die Vloot en Mariniersgimnasiums in 1951 te Saldanhabaai en die lugmaggimnasium in 1952 naby Zwartkopplughawe. Hierdie gimnasia het vrywilligers in staat gestel om hulle opleiding in een jaar te voltooi in plek van ABM opleiding.

'n Skema is aan die Regering voorgelê om opleiding verpligtend te maak vir 'n tydperk van ses maande. Hieruit het gevloei die stigting van 'n mannekragraad in 1951, om die regering met advies te bedien mbt hoe om die mees ekonomiese en gebalanseerde gebruik te kan maak van die mannekrag vandie Unie in tyd van

oorlog, sodat Suid-Afrika in staat sal wees om sy verpligtinge binne, en in die buiteland, te kan aanvaar sonder dat die land se ekonomie ernstig benadeel word. Verteenwoordigers van die departemente Arbeid, Handel en Nywerheid, Statistiek, Verdediging, Spoorweë en Hawens en Werknemers Organisasies het sitting hierop gehad. Die bevinding was dat, as gevolg van die tekort van opgeleide personeel, 'n periode van ses maande opleiding 'n te geweldige skok vir die Suid-Afrikaanse ekonomie op daardie stadium sou wees. Ons moes derhalwe van hierdie plan afsien. Die periode van burgerlike opleiding van twee maande oor 'n tydperk van drie jaar, is toe verleng tot 5 maande oor die selfde tydperk. Om seker te maak dat voldoende burgers vir die goedgekeurde gevegsorder opgelei word is loting vanaf Januarie 1953 ingestel.

Om die Hoof van die Generale Staf op hoogte te hou met die peil van opleiding en dissipline in die drie vertakkings van die weermag is die pos van Inspekteur-Generaal geskep. Die IG het direk aan die HGS verslag gedoen. Hy het vrylik toegang gehad tot elke aspek van die bedrywighede van die weermag. Hy is bygestaan deur 'n offisier uit elke vertakking. Waar hy iets verkeerd vind, was hy gemagtig om dit reg te maak, indien moontlik, en daarna te rapporteer.

Soos ek reeds vermeld het is alle grond met behuising, wat gedurende die oorlogsjare bekom is, na die oorlog weggegee sonder om rekening te hou met toekomstige benodigdhede. Pogings is onmiddellik aangewend om voldoende opleidingsgrond in die verskillende provinsies te bekom. Ons kon daarin slaag om 'n gedeelte van Oudtshoornkamp terug te kry en nabygeleë grond as 'n oefenterrein. In die Oranje-Vrystaat het Tempe, die ou militêre kamp, net buite Bloemfontein nie meer aan sy doel beantwoord nie. Addisionele grond, vandag bekend as die Generaal Dewet Oefenterrein, is aangekoop.

'n Tekort aan behuising en verouderde huisvesting vir troepe, het stremmend gewerk op die uitbreiding en bekombaarheid van voldoende personeel vir die naoorlogse Staandemag. 'n Werkskompanjie is gestig en dié het onder beheer van die Kwartiermeester-generaal, die oprigting van behuising geweldig bespoedig. Deur gebruik te maak van kontrakteurs, en gelyktydig 'n aantal huise te bou op verskillende sentra, kon ons die totale geldelike toekenning binne die bestek van die finansiële jaar gebruik.

Gedurende hierdie tydperk is die fondament ook gelê vir die radarnetwerk vir lugverdediging, waaroor die Republiek tans beskik. Heelwat van die aanvoorwerk is gedoen. Radar apparaat, waarmee ons begin het, is plaaslik vervaardig.

Een van die laaste belangrike take, wat ek kon verrig, voor ek die tuig neergelê het, was om die nuwe Verdedigingswet deur te werk met die Parlementêre gekose komitee. Hierdie wetsontwerp is gedurende die volgende sessie van die Parlement goedgkeur nl Wet 44 van 1957.

Ja, vir almal van ons is daar 'n tyd van afskeid, nie alleen van hierdie aardse lewe nie, maar ook afskeid van die gekose loopbaan, wat jy so blymoedig aanvaar het, toe jy nog in die fleur van jou jeug was. Vir my was my loopbaan 'n ervaring wat ek terdeë geniet het. Dit het my geleenthede gebied wat ek met beide hande gegryp het. Ek kon my daarin uitleef, want dit was boeiend, opbouend en ook skeppend van aard. Ek het altyd getrag om my beste te lewer, om resultate te verkry, en daaruit het ek die grootste tevredenheid geput. Ek kan terugkyk op 'n interessante loopbaan, wat my laat voet sit het in verskillende dele van die wêreld. Ek was bevoorreg om groot gedeeltes van my lewe deur te bring in die ope lug en wye natuur. Ek het die ou wêreld met natuurskatte van naby beskou en die voorreg gehad om die prag van die kleurryke herfs van die nuwe wêreld te vergelyk met die van die ou wêreld. Gedurende die oorlogsjare van 1941-1942 het ek intieme kennis opgedoen van groot oppervlaktes van die kontinent van Afrika, pragstreke in die hooglande van Abessinië besigtig, streke met 'n natuurskoon eie aan Afrika. Ja, selfs die Saharawoestyn en die Noord-Afrikaanse kuslyn met sy strande, so skoon soos dié van die suide, die geweld van die oorlog ten spyt, in al sy fasette, oor die vier seisoene van die jaar, het my bekoor.

Daar was 'n tydperk waarin ek, soos my makkers, dikwels in gevaar verkeer het. As gelowige het ek nooit getwyfel nie en dus, wanneer ek werklik in gevaar verkeer het, het ek nie daaraan gedink nie. Ek was 'n paar keer wonderlik behoed en daarvoor was ek, en bly ek my Skepper dankbaar: dat ek ongedeerd van die slagveld kon terugkeer na my familiekring.